Ondanks die algemeen laer vlak van bedrywigheid op die aandelebeurs het die netto aankope van aandele deur nie-inwoners in die eerste vyf maande van 1995 op die buitengewoon hoë bedrag van R2,0 miljard te staan gekom. Nie-inwoners het ook in April en Mei 1995 weer eens netto aankopers van vaste-rentedraende sekuriteite op die effektebeurs geword. Die verbetering in nie-inwoners se beleggingsentiment is waarskynlik bevorder deur die insluiting van die Johannesburgse Effektebeurs in die indeks vir opkomende markte van die International Finance Corporation. Die owerhede het ook hul pogings voortgesit om internasionale finansiële verhoudings te normaliseer deur 'n uitgifte van effekte op die Samoeraimark te doen, terwyl 'n aantal private maatskappye kapitaal deur middel van omskepbare effekte in buitenlandse markte verkry het.

Aansienlike sukses is op die gebied van openbare finansies bereik deur die tekort van die staat in 1994/95 tot minder as die geprojekteerde tekort in die Begroting te beperk. Hierdie betreklik gunstige resultaat is behaal omdat die inkomste wat uit inkomstebelasting en doeane- en aksynsregte ontvang is aansienlik hoër was as die begrottingsramings. Teen 'n verhouding van 5,8 persent van die bruto binnelandse produk het die tekort van die owerheid voor lenings en skuldaflossing nogtans ongemaklik hoog gebly en tot 'n verdere skerp toename in staatskuld geleei.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie


Die tempo van die ekonomiese herstel het in die eerste kwartaal van 1995 aansienlik verlangsaam. Nadat die koers van toename in die *bruto binnelandse produk* (seisoensaangesuiwerd en tot jaarvlakke verhef) dwarsdeur die laaste nege maande van 1994 van 2 persent in die tweede kwartaal tot 4 en $\frac{1}{2}$ persent in die daaropvolgende twee kwartale versnel het, is 'n betreklik lae 1½ persent in die eerste kwartaal van 1995 aangeteken. Die vlak van die binnelandse produksie was in die eerste kwartaal van 1995 nietemin steeds 3½ persent hoër as in die eerste kwartaal van 1994.

Die swakker, maar nogtans positiewe vertoning van die binnelandse ekonomie in die eerste kwartaal van 1995 is oorwegend deur ontwikkelings in die primêre sektor teweeggebring. Soos duidelik in tabel 1 getoon word, het die reële toegevoegde waarde in die primêre sektore in die eerste kwartaal van 1995 aansienlik gedaal, terwyl die groei in die produksie van die sekondêre en tersiêre sektore verlangsaam maar tog positief gebly het. Die stadiger groei in die reële toegevoegde waarde van die sekondêre en tersiêre sektore het waarskynlik in 'n groot mate die onregstreekse invloed van die daling in die primêre sektor weerspieël. Teen 'n jaarlikse groeikoers van 3 persent in die reële toegevoegde waarde, het die ekonomiese bedrywigheid in die nie-primêre sektore egter steeds taamlik vinnig gestyg.

Sowel die landbou- as die mynbouproduksie het tot die daling in die reële toegevoegde waarde van die primêre sektore bygedra. Die reële produksie van die *landbousektor* het in die eerste kwartaal van 1995 teen 'n jaarkoers van 12½ persent afgeneem; in die laaste nege maande van 1994 is aansienlike toenames nog steeds in die landbouproduksie aangeteken. Die laer reële produksie van die landbou was die gesamentlike gevolg van 'n laer bruto inkomste van akkerbouprodusente in die somerreënvalgebied (wat 'n weerspieëling was van ongunstige weerstoestande) en stygende intermediêre insetkoste.

Die reële toegevoegde waarde van die *mynbousektor*

Reële bruto binnelandse produk



het in die eerste kwartaal van 1995 teen 'n jaarkoers van 8 persent gedaal. Dit het gevolg op klein koerse van toename in die laaste helfte van 1994 en 'n afname van 2½ persent vir die jaar in die geheel. Hierdie afname is deur 'n aansienlike daling in die produksie van goudmyne teweeggebring, wat toenames in die reële toegevoegde waarde deur die res van die mynbousektor meer as geneutraliseer het. Die resultate van die goudmyne is nadelig beïnvloed deur 'n vermindering in die hoeveelheid en die gehalte van die erts wat gemaal is. As gevolg van hierdie faktore het die reële toegevoegde waarde van die

Tabel 1. Reële bruto binnelandse produk

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Sektor

	1994				1995
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Primêre sektor	-30	-3	4	9½	-10
Sekondêre sektor	0	2½	6	8	3½
Tersiêre sektor	2	2½	2½	4	2½
Bruto binnelandse produk.....	-3½	2	4	6½	1½

goudmyne met 12 persent van die jongste hoogtepunt in die tweede kwartaal van 1993 tot die eerste kwartaal van 1995 gedaal. In teenstelling met hierdie verwikkelings, is die ontginning van steenkool en sommige onedele metale in die eerste kwartaal van 1995 aansienlik bevoordeel deur 'n sterk internasionale vraag, verbeterde arbeidsverhoudinge en 'n toename in produktiwiteit.


In die sekondêre sektore het die groei in die reële produksie van die fabriekswese van 'n stewige gemiddelde jaarkoers van 9 persent in die tweede helfte van 1994 tot 4 persent in die eerste kwartaal van 1995 verlangsaam. Hierdie stadiger groei kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die terugkeer na 'n normaler produksievlek in die nywerhede wat vervoertoerusting vervaardig nadat bedrywighede in hierdie nywerhede in die voorafgaande kwartaal buitengewoon vinnig toegeneem het in 'n poging om die agterstand in produksie vanweë die stakings in die derde kwartaal van 1994 in te haal. Die koers van toename in die reële toegevoegde waarde van die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien, sowel as die konstruksiesektor, het in die eerste kwartaal van 1995 versnel as gevolg van 'n voortgesette uitbreiding van die elektrisiteitsvoorsieningsdienste en 'n uitbreiding in die bou- en konstruksiebedrywighede.

Die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektore het in die eerste kwartaal van 1995 verder teen 'n jaarkoers van ongeveer 2½ persent toegeneem; dit was ietwat minder as die gemiddelde jaarkoers van toename van 3½ persent in hierdie sektore in die tweede helfte van 1994. Die stadiger groei in die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektore is deur swakker resultate in die fisiese omvang van die groot- en kleinhandel teweeggebring. Die groei in die ander tersiêre sektore het verder versnel of op 'n hoë vlak gebly. Die reële toegevoegde waarde van die motorhandel is in die besonder versterk deur die uitbreiding in die aantal voertuie van motorverhulingsondernemings in afgawting van die Wêreldbeker-rugbytoernooi en die vervangingsvraag van sakeondernemings. 'n Verdere versnelling in die koers van toename in die reële toegevoegde waarde van die sektor vervoer, opbergung en kommunikasie in die eerste kwartaal van 1995 het grotendeels 'n stygging in die internasionale handel weerspieël, terwyl die vraag na finansiële dienste hoog gebly het.

Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het gedurende die huidige konjunkturele opwaartse fase tot die eerste kwartaal van 1995 ononderbroke gestyg tot 'n vlak wat bykans 12 persent hoër was as die onderste draaipunt in die tweede kwartaal van 1993. Die sterk groei in die binnelandse besteding teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 10½ en 10 persent in die derde en vierde kwartaal van 1994 het egter in die eerste kwartaal van 1995 tot 2½ persent gedaal. Die groeikoers van kwartaal tot kwartaal in die investering en private verbruiksbesteding (teen konstante pryse) het in die

Reële bruto binnelandse besteding




eerste kwartaal van 1995 verlangsaam, terwyl die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid gedaal het.

Nadat die groeikoers van die *reële private verbruiksbesteding* dwarsdeur 1994 tot 'n jaarvlak van 4 persent in die vierde kwartaal versnel het, het dit in die eerste kwartaal van 1995 effens gedaal tot 'n steeds hoë 3 persent. Die laer koers van toename in die verbruiksbesteding is hoofsaaklik deur matiger koerse van toename in die reële besteding aan nie-duursame goedere en dienste teweeggebring. Uitgedruk in reële waardes het die besteding aan duursame en semi-duursame goedere in die eerste kwartaal van 1995 teen jaarkoerse van 7 en 5 persent gestyg, wat gemiddeld hoër was as die 6 en 5½ persent wat in die vorige kwartaal aangeteken is. Die voortgesette hoë toenames in die reële besteding aan duursame en semi-duursame goedere wat sedert die tweede helfte van 1994 merkbaar was, kon aan toenemende verbruikersvertroue, 'n afname in die geweld in die meeste swart woongebiede en 'n toename in die gebruik van verbruikerskrediet toegeskryf word. Verbruikerskrediet het vir 'n groter aantal verbruikers meer geredelik beskikbaar geword deur, onder andere, die buitengewoon vinnige toename van persoonlike kredietkaarte wat onlangs deur verskeie kleinhandelsondernemings ingestel is. Die gebruik van verbruikerskrediet het huishoudings in staat gestel om hul reële besteding aan goedere en dienste teen 'n vinniger koers as die toename in reële persoonlike beskikbare inkome uit te brei.

'n Daling in die reële besteding aan intermediêre

Reële verbruikerskrediet



goedere en dienste was hoofsaaklik verantwoordelik vir die feit dat die *reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid* in die eerste kwartaal van 1995 teen 'n jaarkoers van ongeveer 1½ persent afgeneem het. Die koers van toename in hierdie bestedingstotaal het gedurende 1994 van 7 persent in die eerste kwartaal tot minder as 1 persent in die vierde kwartaal teruggesak. Hierdie veranderings het die groei in die reële verbruiksbesteding deur die owerheid op 3 persent vir die volle fiskale jaar 1994/95 te staan gebring; dit was min of meer gelyk aan die groeikoers in die fiskale jaar vir 1993/94.

In die eerste kwartaal van 1995 is 'n toename vir die agtste opeenvolgende kwartaal in die totale *reële bruto binnelandse vaste investering* aangeteken. Die reële vaste investering was dus 15½ persent bokant die onderste draaipunt in die eerste kwartaal van 1993. Die

groeikoers van die reële vaste kapitaalvorming het egter van 18 en 19½ persent in die laaste twee kwartale van 1994 tot 5 persent in die eerste kwartaal van 1995 gedaal. Opmerklike verdere toenames in die reële vaste investering deur die private sektor het die voortgesette verlagings in die reële besteding aan kapitaalgoedere deur die openbare owerhede meer as geneutraliseer, terwyl die reële besteding aan vaste investering deur die openbare korporasies effens afwaarts beweeg het van die hoë vlak wat in die voorafgaande kwartaal bereik is.

Toenames in die reële binnelandse vaste *investering deur die private sektor* het in die mynbou, fabriekswese, vervoer en kommunikasie, handel en finansies voorgeskommel. Die feit dat investering in die meeste subsektore gestyg het, staaf oënskynlik die bestaan van 'n gunstiger ingesteldheid van die sakesektor. Besteding aan enkele nuwe mynbouprojekte en uitbreidingsprogramme aan bestaande myne het die kapitaalvorming in die mynbou-sektor gerugsteun. Die vaste kapitaalvorming van die ander private instellings is aangemoedig deur die verstewiging van die totale vraag wat aanleiding gegee het tot onvoldoende produksievermoë in sekere sektore en die vervanging van tegnologies-verouderde masjinerie en toerusting.

Die *reële vaste investering deur die openbare korporasies* het in die eerste kwartaal van 1995 effens teruggesak. Dit het gevolg op aansienlike toenames dwarsdeur 1994 as gevolg van die uitgebreide elektrifiseringsprogram van Eskom. In die eerste kwartaal van 1995 het die omvang van die besteding aan die voorsiening van elektrisiteit in 'n groot mate verlangsaam, maar die vaste investering deur die ander openbare korporasies het aansienlik gestyg. As gevolg van hierdie veranderings, was die vlak van die reële vaste investering deur die openbare korporasies in die eerste kwartaal van 1995 steeds meer as 30 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1994.


Die *reële vaste investering deur die openbare owerhede* het in die eerste kwartaal van 1995 bly afneem, hoofsaaklik vanweë 'n verdere daling in die fondse wat die owerheid vir kapitaaluitbreidings toegewys het. Die vlak van die vaste investering deur die openbare

Tabel 2. Reële bruto binnelandse besteding

Persentasieverandering teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

Komponente	1994				1995
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Private verbruiksbesteding	2	3	3½	4	3
Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid	7	2	1½	1	-1½
Bruto binnelandse vaste investering	3½	10½	18	19½	5
Verandering in voorrade (R miljoene)	5 069	3 267	5 882	8 710	8 686
Bruto binnelandse besteding	4½	1½	10½	10	2½

Reële bruto binnelandse vaste investering



owerhede het met nie minder nie as 46½ persent vanaf die hoogtepunt in die tweede kwartaal van 1989 gedaal.

'n Verdere opbouing van voorrade is in die eerste kwartaal van 1995 aangeteken. Hierdie opbouing (gemeet teen konstante prys) het algemeen voorgekom, maar was veral in die groot- en motorhandel waarneembaar. Die verhouding van nywerheids- en handelsvoorraad tot die bruto binnelandse produk was derhalwe gelyk aan 18 persent in die eerste kwartaal van 1995, vergeleke met die rekord-laagtepunt van 16 persent in die vierde kwartaal van 1993.


Faktorinkome

Die koers van toename van jaar tot jaar in die *totale nominale faktorinkome* het van 'n gemiddeld van 12 persent in die laaste twee kwartale van 1994 tot ongeveer 12½ persent in die eerste kwartaal van 1995 toegeneem. Hierdie versnelling in die faktorinkome was die gevolg van hoér groei in die bruto bedryfsurplusse van sakeondernemings en in die totale vergoeding van werknekmers.

Die koers van toename oor vier kwartale in die *totale vergoeding van werknekmers* het van 10½ persent in die vierde kwartaal van 1994 tot 11 persent in die eerste kwartaal van 1995 toegeneem. Hierdie effens vinniger styging in die totale salaris en lone was in al die hoofsektore van die ekonomie waarneembaar en het 'n matige toename in die totale vlak van werkverskaffing en 'n effense versnelling in die groei van die gemiddelde vergoeding per werkneuter weerspieël.

Die toename in die totale nominale *bruto bedryf-*

Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding




surplus het van 'n gemiddelde van 11 persent in die tweede helfte van 1994 tot 13 persent in die eerste kwartaal van 1995 gestyg. Die groei van kwartaal tot kwartaal in die bruto bedryfsurplus van die primêre sektor het egter in die eerste kwartaal van 1995 afgeneem, as gevolg van die laer winste van die goudmyne. In die sekondêre en tersiêre sektore is die koers van toename in die bruto bedryfsurplusse deur die verstewiging van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en hoér omsette aangehelp.

Binnelandse besparing


Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het in die eerste kwartaal van 1995 feitlik geen verandering getoon van die vlak van 18 persent wat in die vierde kwartaal van 1994 bereik is nie. Die betreklike bestendigheid van die binnelandse besparingsverhouding kon veral aan 'n verdere sterk styging in die maatskappybesparing toegeskryf word, wat 'n toename in die netto ontsparing deur die algemene owerheid en 'n daling in die netto persoonlike besparing geneutraliseer het.

Toenames in die bruto bedryfsurplusse van sakeondernemings in die eerste kwartaal van 1995 het veroorsaak dat die netto maatskappybesparing aansienlik gestyg het tot 'n vlak wat 20½ persent hoér was as in die

Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



Werkverskaffing in nie-landbousektore



eerste kwartaal van 1994. In teenstelling met hierdie ontwikkeling, is die persoonlike besparing oor dieselfde tydperk bykans gehalveer, met die gevolg dat die werklike bedrag van *private besparing* net effens hoër was terwyl die besparingsverhouding van die private sektor bykans onveranderd gebly het.

Die afwaartse beweging in die verhouding van die *ontsparing deur die owerheid* tot die bruto binnelandse produk van $6\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 3 persent in die vierde kwartaal van 1994, het in die eerste kwartaal van 1995 weer tot $3\frac{1}{2}$ persent gestyg. Hierdie ommekeer het voorgekom ondanks stewige groei in die inkomne van die owerheid uit belasting en inkomne uit eiendom, tesame met 'n afname in die reële verbruiksbesteding van die owerheid. Die verhoogde *ontsparing* deur die algemene owerheid in die eerste kwartaal van 1995 was hoofsaaklik 'n weerspieëeling van 'n skerp styging in die lopende oordragte aan huishoudings en rentebetalings op staatskuld.

Werkverskaffing


Min of meer in ooreenstemming met die normale konjunkturele verloop het die *totale werkverskaffing* in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou in die vroeë stadiums van die oplewing in die algemene ekonomiese bedrywigheid aanvanklik bly afneem. Die koers van afname in die totale werkverskaffing het egter verlangsaam van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3,7 persent in die tweede kwartaal van 1993 (met ander woorde, die kwartaal waarin 'n laagtepunt in die konjunkturgolf bereik is) tot 1,4 persent in die eerste

kwartaal van 1994. In die tweede kwartaal van 1994 het die totale werkverskaffing vir die eerste keer toegeneem, nadat dit vir vier jaar lank aanhou daal het. Die totale werkverskaffing het daarna in die derde kwartaal van 1994 stewiger teen 'n koers van 2,5 persent toegeneem (die jongste gegewens wat deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel is).

Die werkverskaffing in die *private sektor* buite die landbou was besonder stadig om op die herstel in die algemene ekonomiese bedrywigheid te reageer. Die tempo van die afname in die totale werkverskaffing in die private sektor het eers van die vierde kwartaal van 1993 matiger geword, toe dit verlangsaam het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3,6 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot bykans nul persent in die tweede kwartaal van 1994. Die toename van kwartaal tot kwartaal in die totale werkverskaffing deur die private sektor het daarna versnel tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,7 persent in die derde kwartaal van 1994. Hierdie toename kon toegeskryf word aan stygings in die werkverskaffing van 'n aantal sektore, soos byvoorbeeld die fabriekswese, die konstruksiebedryf, die groot- en motorhandel, die bankwese, akkommodasiedienste en padvervoer.

Die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* het reeds van die vierde kwartaal van 1993 begin toeneem

Totale aantal geregistreerde werkloses



Tabel 3. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker

Percent

Tydperk	Openbare owerhede	Private sektor	Totaal
1993: 1e kw	13,3	12,6	13,0
2e kw	8,6	10,7	10,0
3e kw	9,6	10,8	10,3
4e kw	5,6	10,9	9,0
1994: 1e kw	8,9	9,5	9,4
2e kw	20,8	10,4	14,4
3e kw	14,0	11,5	12,6

toename in die arbeidskoste per werker in diens van die openbare owerhede. Dit was weer 'n weerspieëling van die betaling van die jaarlikse bonusse aan bepaalde groepes werkers, die spesiale toelaes aan sommige werkers gedurende die verkiesingstydperk en die betreklik hoë gemiddelde vergoeding van tydelike werkers wat in diens geneem is om 'n gladde oorgang na 'n regering van nasionale eenheid te verseker.

Die reële vergoeding per werker (gedefleer met die


en die koers van toename van kwartaal tot kwartaal het per saldo skerp gestyg van 'n seisoensaangesuiwerde jaarvlak van 1,1 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 4,2 persent in die derde kwartaal van 1994. Hierdie toename het egter eerder verband gehou met die grondwetlike veranderings in Suid-Afrika as met die oplewing in die ekonomiese bedrywigheid. Die indiensneming van tydelike werkers gedurende die verkiesing in April 1994 was grotendeels vir die toename in die werkverskaffing deur die openbare owerhede verantwoordelik.

Die onlangse gunstiger toestande in die binnelandse arbeidsmark word gestaaf deur 'n afname van 13,4 persent in die totale aantal *geregistreerde werkloses* gedurende 1994. Die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werkloses het van 320 000 in Junie 1994 tot 264 000 in Desember afgeneem.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die herstel in die ekonomie het ook met 'n toename in die arbeidskoste gepaardgegaan. Nadat die koers van toename oor vier kwartale in die *nominale vergoeding per werker* afgeneem het van 'n jongste hoogtepunt van 19,5 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 9,0 persent in die vierde kwartaal van 1993, het dit weer skerp gestyg tot 14,4 persent in die tweede kwartaal van 1994. Die koers van toename in die nominale vergoeding per werker het daarnaá ietwat verlangsaam tot 12,6 persent in die derde kwartaal van 1994. Soos in tabel 3 aangetoon word, kon die styging in die totale salarisse en lone per werker hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n skerp

Arbeidsproduktiwiteit, vergoeding en arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het as gevolg van die stygende nominale arbeidskoste in 1994 vinnig begin toeneem. 'n Koers van toename oor vier kwartale van slegs 0,5 persent in die reële salaris en lone per werker in die eerste kwartaal van 1994 is gevvolg deur toenames van 4,7 en 3,7 persent in die daaropvolgende twee kwartale.

Die groei in die *arbeidsproduktiwiteit* het terselfdertyd verlangsaam van 'n koers van toename oor vier kwartale van 4,0 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 1,8 persent in die derde kwartaal van 1994 toe wydverspreide arbeidsonrus veroorsaak het dat die getal mandaat wat as gevolg van stakings en werkstopsettings verlore gegaan het, aansienlik toegeneem het. Die laer groei in die produktiwiteit, tesame met 'n toename in die reële vergoeding per werker, het aanleiding gegee tot 'n ommekeer van die afwaartse beweging in die *reële arbeidseenheidskoste*. Aanvanklik het die koers van afname oor vier kwartale in die reële arbeidseenheidskoste slegs gedaal van 'n hoë 4,4 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 2,8 persent in die eerste kwartaal van 1994. Vervolgens is positiewe groeikoerse in die reële arbeidseenheidskoste (gemeet oor vier kwartale) van onderskeidelik 2,1 en 1,8 persent, in die tweede en die derde kwartaal van 1994 aangeteken.

Pryse

Die toename in die arbeidseenheidskoste was 'n belangrike bydraende faktor tot die jongste opwaartse beweging in die koers van toename in sowel die produksie- as die verbruikersprysindekse. Ander faktore wat tot die hoër prysinflasie bygedra het, was die uitwerking van die ongunstige weerstoestande op die prys van voedsel, die toenemende druk van die binnelandse vraag op die produksievermoë van die ekonomie, die hoë groei van die geldvoorraad en die verlening van bankkrediet, die depresiasi van die buitelandse waarde van die rand, 'n skerp styging in oliepryse op die internasionale markte en toenames in die Bankkoers.

Die hoër internasionale prys vir ruolie en die swakker wisselkoers van die rand was die twee vernaamste faktore wat die prys van ingevoerde goedere laat styg het. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die prys van *ingevoerde goedere* het gestyg van 'n laagtepunt van 2,7 persent in Maart 1994 tot 8,7 persent in September; daarna het dit afgeneem tot 6,7 persent in November 1994 voordat dit weer tot 9,8 persent in Maart 1995 toegeneem het. Die koers van verandering van kwartaal tot kwartaal in die prys van *ingevoerde goedere* het ook in die tweede en die derde kwartaal van 1994 en in die eerste kwartaal van 1995 skerp gestyg. (Sien tabel 4).

'n Duidelik opwaartse beweging was sedert die begin van 1994 ook sigbaar in die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *binnelands geproduseerde goedere*. Die koers waarteen hierdie prys toeneem (gemeet oor tydperke van twaalf maande)


Tabel 4. Die koers van verandering van kwartaal tot kwartaal in die produksiepryse

Persentasie teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers

Tydperk	Ingevoerde goedere	Binnelands geproduseerde goedere	Alle goedere
1993: 4e kw.....	-5,4	5,1	3,0
1994: 1e kw.....	5,0	11,0	10,0
2e kw	14,1	9,7	10,2
3e kw	13,9	13,8	14,0
4e kw	-2,1	7,3	5,6
1995: 1e kw.....	12,7	13,4	13,2

het 'n onderste draaipunt van slegs 5,7 persent in Oktober 1993 bereik. Van November 1993 het die koers van toename oor twaalf maande in die prys van binnelands geproduseerde goedere voortdurend gestyg tot 'n vlak van 10,4 persent in Augustus en Oktober 1994; daarna het dit ietwat gedaal tot 9,9 persent in November 1994 voordat dit weer tot 11,1 persent in Februarie en Maart 1995 toegeneem het. Gedurende

Produksiepryse



hierdie tydperk het buitengewoon hoë stygings in die pryse van vars vleis (bykans 50 persent) 'n belangrike bydrae tot die hoër koerse van toename in die pryse van binnelands geproduseerde goedere gelewer.


As gevolg van die waargenome bewegings in sy twee vernaamste komponente, het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *omvattende produksieprysindeks* per saldo versnel van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3,0 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 13,2 persent in die eerste kwartaal van 1995. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende produksieprysindeks het ook opwaarts beweeg van 'n onderste draaipunt van 5,4 persent in Oktober 1993 tot 10,1 persent in September 1994; daarna het dit tot 9,4 persent in November afgeneem voordat dit weer tot 10,9 persent in Maart 1995 toegeneem het. Dit was die hoogste koers van toename in die produksiepryse sedert Oktober 1991.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende *verbruikersprysindeks* het van die eerste kwartaal van 1994 begin styg: dit het toegeneem van 5,3 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 14,3 persent in die derde kwartaal van 1994 en daarna verlangsaam tot 8,5 persent in die vierde kwartaal van 1994 en 8,9 persent in die eerste kwartaal van 1995. Die seisoensaangesuiwerde inflasiekoers tot 'n jaarvlak verhef het dus heelwat onder die tienpersent-vlak in die tydperk van September 1994 tot Maart 1995 gebly.

Die koers van toename in die omvattende verbruikersprysindeks, gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het van 'n onderste draaipunt van 7,1 persent in April

1994 tot 10,1 persent in September gestyg; daarna het dit weer tot 'n enkelsyfervlak van 9,8 persent in Oktober gedaal en in die daaropvolgende maande sywaarts beweeg. In Maart en April 1995 het die koers van toename oor twaalf maande in die verbruikerspryse dubbelsyfervlakte van 10,2 en 11,0 persent bereik. Hierdie opwaartse neiging in die verbruikerspryse was grotendeels te wyte aan die uitwerking van die ongunstige weerstoestande op voedselprysse. Indien die prysse van voedsel en nie-alkoholiese drank buite rekening gelaat word, het die prysse van ander verbruikersgoedere en -dienste heelwat matiger toegeneem van 'n koers oor twaalf maande van 6,6 persent in April 1994 tot 9,4 persent in April 1995. Die koers van toename oor twaalf maande in die prysse van dienste het egter ook versnel van 7,5 persent in April 1994 tot 11,9 persent in April 1995. Hierdie opwaartse neiging was hoofsaaklik te wyte aan 'n stygging in huiseienaarskoste vanweë die toenames in verbandkoerse wat gevolg het op die verhogings in die Bankkoers in September 1994 en Februarie 1995.

Verbruikersprysindeks



Buitelandse handel en betalings



Lopende rekening

Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het betekenisvol toegeneem van R0,3 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R2,2 miljard in die eerste kwartaal van 1995. Hierdie verswakking was egter hoofsaaklik te wye aan seisoenale faktore. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers gereken, het die tekort op die lopende rekening oor dieselfde tydperk betreklik matig toegeneem van R7,0 miljard tot R7,8 miljard. In verhouding tot die bruto binnelandse produk was die tekort in die eerste kwartaal van 1995 1,7 persent, wat nie buitengewoon groot is vir hierdie stadium van die opwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid nie.

Die verdere verswakking in die saldo op die lopende rekening in 'n tydperk waarin die groei in ekonomiese bedrywigheid aansienlik afgeneem het, was hoofsaaklik die gevolg van 'n voortgesette skerp toename in die goedere-invoer wat slegs deels deur die hoër goedere-uitvoer geneutraliseer is. Die waarde van sowel die netto gouduitvoer as netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het min of meer op die vlakke gebly wat in die voorafgaande kwartaal bereik is. In April 1995 het die in- en uitvoer skerp gedaal, wat 'n opmerklike verbetering in die tekort op die lopende rekening veroorsaak het.

Die waarde van goedere-invoer het skerp toegeneem van R85,1 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R94,4 miljard in die eerste kwartaal van 1995, of met bykans 11 persent. Ondanks die merkbaar stadiger koers van toename in die binnelandse besteding, het die hoeveelheid van die invoer in die eerste kwartaal van 1995 met ongeveer 7½ persent gestyg. Hierdie toename was in 'n groot mate die gevolg van olie-invoer. Skerp toenames is ook in die invoer van vervaardigde goedere soos chemiese produkte, vervoertoerusting en papierprodukte aangeteken. Die styging in die invoer in die eerste kwartaal van 1995 het gevoldigk grotendeels voorgekom in intermediêre goedere wat in die produksieproses gebruik is en in 'n mindere mate in die invoer van

Betalingsbalans: Lopende rekening



kapitaalgoedere vir investeringdoeleindes.

Hoër internasionale oliepryse, matige stygings in die pryse van ander ingevoerde goedere en 'n daling van 1½ persent in die gemiddelde nominale effektiewe wisselkoers van die rand van die vierde kwartaal van 1994 tot die eerste kwartaal van 1995, was vir 'n toename van net meer as 3 persent in die pryse van ingevoerde goedere oor dieselfde tydperk verantwoordelik.

'n Aansienlike toename van bykans 9½ persent in die

Tabel 5. Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde


	1994				1995
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Goedere-uitvoer.....	60,6	64,0	67,9	73,0	81,8
Netto gouduitvoer.....	22,6	23,2	24,8	20,1	20,0
Goedere-invoer.....	-65,6	-71,3	-82,3	-85,1	-94,4
Netto dienste- en oordragbetalings.....	-16,1	-13,3	-15,8	-15,0	-15,2
Saldo op lopende rekening	1,5	2,6	-5,4	-7,0	-7,8

hoeveelheid van uitvoer was in die eerste kwartaal van 1995 hoofsaaklik verantwoordelik vir die feit dat die waarde van die goedere-uitvoer 12 persent hoër was as in die vierde kwartaal van 1994. Toenames is in bykans al die belangrikste uitvoerkategorieë aangeteken, met die merkbare uitsondering van landbou-, chemiese- en tekstielprodukte. Die uitvoer van mineraalprodukte (steenkool), masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting, papier en papierprodukte en diamante het groot toenames getoon.

Die prys van uitgevoerde goedere het in die eerste kwartaal van 1995 met slegs 3 persent toegeneem. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat internasionale grondstofpryse in hierdie tydperk slegs matig gestyg het, dat Suid-Afrika se uitvoer hoofsaaklik in VSA-dollars betitel is en dat die rand slegs effens teenoor die dollar gedepresieer het. Die gemiddelde waarde van die rand teenoor die dollar het van die vierde kwartaal van 1994 tot die eerste kwartaal van 1995 met 0,7 persent verminder.

Die waarde van Suid-Afrika se *netto gouduitvoer* (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), wat skerp gedaal het van R24,8 miljard in die derde kwartaal van 1994 tot R20,1 miljard in die vierde kwartaal, het in die eerste kwartaal van 1995 min of meer op hierdie laer vlak gebly. Hierdie teleurstellende vertoning is hoofsaaklik meegebring deur 'n verdere afname in die hoeveelheid van die netto gouduitvoer: nadat die hoeveelheid van die netto gouduitvoer in die vierde kwartaal van 1994 met bykans 16 persent afgeneem het, het dit in die eerste kwartaal van 1995 met 'n verdere 3½ persent gedaal.

Betalingsbalans: Handelsrekening



Benewens 'n verdere merkbare verlaging in die gemiddelde graad van erts wat gemaal is, is produksie ongunstig beïnvloed deur die groot getal openbare vakansiedae sowel as die voortslepende arbeidsonrus.

Nieteenstaande 'n toename in die gemiddelde gereali-seerde prys van goud in die eerste kwartaal van 1995, het die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark van VSA\$385 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1994 tot \$379 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1995 teruggesak. Vanweë die depresiasi van die rand teenoor die dollar, het die vasstellingsprys in rand uitgedruk oor dieselfde tydperk effens minder gedaal, naamlik van R1 362 tot R1 352 per fyn ons. Die maandelikse gemiddelde vasstellingsprys van goud het daarna in April 1995 tot \$391 en R1 410 per fyn ons gestyg voordat dit in Mei weer tot \$385 en R1 409 per fyn ons gedaal het.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het slegs effens toegeneem van 'n seisoensaange-suiwerde jaarkoers van R15,0 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R15,2 miljard in die eerste kwartaal van 1995. Hierdie toename was die netto resultaat van toenames in die betaling van vrag en versekering op goedere en dividende aan nie-inwoners, wat die ontvangste vir ander vervoerdienste wat aan nie-inwoners gelewer is, bykans ten volle geneutraliseer het.

Kapitaalrekening

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans, wat in die tweede helfte van 1994 van 'n netto uitvloeiing na 'n netto invloeiing van kapitaal verander het, het in die eerste kwartaal van 1995 'n verdere aansienlike totale *netto invloeiing van kapitaal* nie verwant aan reserwes nie van R5,4 miljard getoon. Dit het die totale netto kapitaalinvloeiing in die nege maande tot Maart 1995 op nie minder nie as R14,2 miljard te staan gebring. Regstreekse belegging in aandelekapitaal het ongelukkig slegs 'n klein deel van hierdie kapitaalinvloeiing verteenwoordig. Suid-Afrika se uitstaande buitelandse skuld het gevvolglik oor hierdie tydperk skerp toegeneem. Die vlak van die skuld is egter steeds betreklik laag, soos duidelik in die verhouding van rentebetralings op buitelandse skuld tot uitvoerverdienste van 6 persent in die eerste kwartaal van 1995 weerspieël word.

Soos wat in tabel 6 aangetoon word, het die grootste deel van hierdie invloeiing uit *korttermynkapitaal* bestaan, dit wil sê kapitaal met 'n looptyd van minder as een jaar. In die besonder was die banke in die eerste kwartaal van 1995 groot netto leners van korttermynkapitaal ten bedrae van R1,8 miljard – 'n patroon wat ook in die eerste nege maande van 1994 waarneembaar was. Daarbenewens het instellings in die private sektor hul buitelandse korttermynlaste verhoog vanweë die beskikbaarheid van buitelandse handelsfinansiering teen betreklik gunstige koerse.

Hierdie groot invloeiing van korttermynkapitaal beteken dat die aflossingstermyn van Suid-Afrika se buitelandse leningsverpligtinge waarskynlik sedert die

Tabel 6. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie

R miljarde

	1994				1995
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Langtermynkapitaal					
Openbare owerhede.....	-1,1	-0,1	0,5	3,7	-0,2
Openbare korporasies	-1,4	-0,2	0,3	0,7	-0,2
Private sektor	0,8	-1,3	-0,4	-0,1	1,0
Totale langtermynkapitaal	-1,7	-1,6	0,4	4,3	0,6
Korttermynkapitaal.....	0,6	-0,9	5,1	-1,0	4,8
Totale kapitaal nie verwant aan reserwes nie	-1,1	-2,5	5,5	3,3	5,4

einde van 1993 aansienlik korter geword het. Dit het ook tot groter onbestendigheid in Suid-Afrika se finansiële vloeiinge met die res van die wêreld aanleiding gegee, soos duidelik deur die kwartaallike fluktuasies in hierdie korttermynkapitaalbewegings in 1994 geïllustreer is. Hierdie neiging is verder bevestig deur die aansienlike daling in die netto reserwes in April 1995, wat in Mei 1995 deur net so 'n aansienlike toename gevvolg is.

Nieteenstaande vaste kapitaalverpligtinge van R2,2 miljard wat in die eerste kwartaal van 1995 betaalbaar was, is 'n netto invloeiing van *langtermynkapitaal* van R0,6 miljard aangeteken. Openbare owerhede en openbare korporasies het netto terugbetalings op langtermynkapitaal aan nie-inwoners gemaak, terwyl 'n netto kapitaalinvloeiing van R1,0 miljard na die private sektor aangeteken is. Hierdie neiging is in skerp teenstelling met die laaste drie kwartale van 1994 toe die private sektor deurlopend hul netto buitelandse langtermynlaste verminder het. Private plasings op internasionale kapitaalmarkte ten bedrae van R0,8 miljard en netto aankope van sekuriteite van R0,3 miljard deur nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs was by die invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor ingesluit.



Buitelandse reserwes

Die aansienlik verdere verbetering in die algehele betalingsbalansposisie in die eerste kwartaal van 1995 het 'n toename van R3,1 miljard in die land se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* tot gevolg gehad; die totale netto reserwes het in die tweede helfte van 1994 met R6,4 miljard gestyg. In April 1995 het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank aansienlik afgeneem met R4,1 miljard, voordat dit in Mei 1995 weer ewe dramaties met R5,8 miljard verbeter het.


Die verbeterde reserweposisie in die eerste drie maande van 1995 het die monetêre owerhede in staat gestel om hul uitstaande *korttermynlaste verwant aan*

reserwes gedurende hierdie tydperk met R1,4 miljard te verminder. Die Reserwebank het daarna in April 1995 van buitelandse kredietfasilitate ten bedrae van R2,1 miljard gebruik gemaak, voordat terugbetalings van R3,5 miljard in Mei 1995 gemaak is. Die uitstaande saldo op die Bank se korttermynlaste verwant aan reserwes was op 31 Mei 1995 R2,4 miljard; dit is heelwat laer as die

Betalingsbalans: Algehele posisie



Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



hoogtepunt van R8,5 miljard aan die einde van April 1994.

Omdat 'n deel van die algehele betalingsbalansoorskot vir die aflossing van laste verwant aan reserwes aangewend is, het die *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* van R14,1 miljard aan die einde van Desember 1994 tot slegs R16,1 miljard aan die einde van Maart 1995 toegeneem. Hierdie toename is weerspieël in 'n hoër buitelandse valutabesit, maar die land se goudreserwes het oor dieselfde tydperk ook van 4,2 miljoen tot 4,4 miljoen fyn onse gestyg. In die daaropvolgende twee maande het die bruto buitelandse reserwes van die Reserwebank per saldo met 'n verdere R0,5 miljard toegeneem.

Wisselkoerse

Nadat die geweegde indeks van die wisselkoers van die rand in die eerste sewe weke van 1995 slegs matig gekrimp het, het dit skerp begin daal in afwagting van die moontlike afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel. Die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand het vanaf die einde van Desember 1994 tot 10 Maart 1995 met 5,8 persent afgeneem. Op dieselfde dag, dit wil sê net voor die opheffing van valutabeheer op nie-inwoners, het die diskonto tussen die finansiële en kommersiële wisselkoers van die rand tot 3,6 persent vernou. Soos met hierdie lae diskonto verwag kon word, het die afskaffing van die finansiélerandstelsel met ingang van 13 Maart 1995 baie min invloed op die wisselkoers van die rand gehad. Van 10 Maart 1995 tot die einde van Mei 1995 het die nominale effektiewe wisselkoers

Tabel 7. Veranderings in die wisselkoerse van die rand


Percent

	31 Des 1993 tot 31 Des 1994	31 Des 1994 tot 10 Mrt 1995	10 Mrt 1995 tot 31 Mei 1995	31 Des 1994 tot 31 Mei 1995
Geweegde				
gemiddelde	-8,5	-5,8	-2,0	-7,6
VSA-dollar.....	-4,1	-2,4	-1,0	-3,3
Britse pond	-9,2	-5,3	-0,7	-6,0
Duitse mark.....	-14,3	-11,7	-1,8	-13,3
Japanse yen.....	-14,5	-10,7	-9,7	-19,4
Nederlandse gulden.	-14,2	-11,6	-2,0	-13,3
Italiaanse lira.....	-8,8	-0,1	-3,9	-4,0

van die rand met slegs 2,0 persent verminder, wat die daling in die eerste vyf maande van 1995 op 7,6 persent te staan gebring het.

Die betreklike bestendigheid van die rand na die afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel was ook 'n weerspieëling van die relatiewe swakheid van die VSA-dollar op internasionale valutamarkte. Teen die middel van Mei 1995 het die dollar effens verstewig en het die rand betreklik skerp teenoor die dollar begin depresieer. Van die einde van Desember 1994 tot die einde van Mei 1995 het die rand nogtans met slegs 3,3 persent teenoor

Effektiewe wisselkoerse van die rand



die dollar teruggesak. Redelik matige koerse van afname is ook oor dieselfde tydperk teenoor die Britse pond en Italiaanse lira aangeteken, terwyl die rand aansienlik teenoor die Japanse yen, Duitse mark en Nederlandse gulden gedepresieer het.

Die daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die eerste kwartaal van 1995 het die inflasiedifferensiaal tussen Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennootlande oorskry. Die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand het gevoldig van Desember 1994 tot Maart 1995 met 3,3 persent afgeneem. Vanaf 'n hoogtepunt in Julie 1992 tot Maart 1995 het die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand derhalwe met bykans 10 persent verminder.

Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte


Geldvoorraad

Die groeikoers in die omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3), wat in Julie 1994 'n hoogtepunt bereik het, het gedurende die volgende sewe maande 'n duidelik afwaartse beweging getoon, maar in Maart 1995 weer opwaarts beweeg. Die groeikoers oor twaalf maande in M3 het matig van 16,9 persent in Julie 1994 tot 15,7 persent in Desember en vinniger tot 11,9 persent in Februarie 1995 verminder; dit het daarna effens versnel na 12,3 persent in Maart en 'n voorlopig geraamde 14,7 persent in April 1995.

As gevolg van die stadiger groei in die geldvoorraad en die verhoging in die geldvoorraadriglyne van 6-9 persent in die 1994-riglynjaar tot 6-10 persent in die 1995-riglynjaar, het die geldvoorraad in Januarie en Februarie 1995 binne die riglyngrense beweeg. In Maart 1995 het die seisoensaangesuiwerde waarde van M3 die boonste grens van hierdie riglyne egter weer met ongeveer R1,0 miljard oorskry. Die ietwat gunstiger resultate gedurende die eerste drie maande van 1995 kan van korte duur wees indien die koers van toename in bankkredietverlening nie afneem nie.

Die groeikoers van kwartaal tot kwartaal in M3 (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het van 13,6 persent in die vierde kwartaal van 1994 tot 8,8 persent in die eerste kwartaal van 1995 gedaal. Hierdie stadiger groei in die geldvoorraad het hoofsaaklik met die

Riglyne vir groei in M3



laer koers van toename in verbruiksbesteding, investering en voorraadopbouing verband gehou en het plaasgevind ten spyte daarvan dat 'n groter deel van binnelandse besteding deur middel van bankkredietverlening aan die private sektor gefinansier is. Wat hierdie ontwikkeling nog merkwaardiger gemaak het, was die aanwesigheid van 'n aantal faktore wat 'n versnelling in die groei van die geldvoorraad bevoordeel het, soos:

- 'n vernouing van die gaping tussen banke se uitleen- en depositokoerse gedurende die grootste deel van die eerste kwartaal van 1995, wat gewoonlik gunstig is vir herintermediasieprakteke;
- 'n betreklik hoë likwiditeitsvoorkleur van die private sektor as gevolg van verwagte rentekoersveranderings en aanpassings in batepryse; en
- 'n afname in die vraag van beleggers na sekuriteite op die aandele- en effektemarkte.

Die laer groeikoers van kwartaal tot kwartaal in M3 gedurende die eerste kwartaal van 1995 was derhalwe grotendeels die gevolg van die stadiger groei in die binnelandse besteding. Dit word klaarblyklik deur die inkomme-omloopsnelheid in M3 bevestig, wat in die eerste kwartaal van 1995 feitlik gelyk verloop het.

In 'n statistiese of rekeningkundige sin was die vernaamste rede vir die verlangsamming in die styging in die geldvoorraad van R12,0 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R6,7 miljard in die eerste kwartaal van 1995, 'n aansienlike toename in regeringsdeposito's by banke wat tot 'n daling van R2,0 miljard in die netto eise van die banke teen die regeringsektor aanleiding gegee het. Die netto ander bates van die monetêre sektor het ook met R2,4 miljard afgeneem. Al die ander belangrikste teenhangers het bygedra tot 'n styging in M3: toenames van R1,6 miljard in netto buitelandse bates en R9,5 miljard in eise teen die private sektor is aangeteken.


Die groeikoerse oor twaalf maande in die enger gedefinieerde monetêre totale het oor die algemeen dieselfde patroon as die ooreenstemmende koerse van toename in M3 gevolg (sien tabel 8). Die groeikoerse (oor twaalf maande gemeet) wat egter gedurende 1994 in hierdie totale aangeteken is, was aansienlik hoër as in die

Tabel 8. Groeikoerse oor twaalf maande in monetêre totale

Percent

Tydperk	M1A	M1	M2	M3
1994: Julie	28,2	32,7	19,5	16,9
Sept	28,8	26,1	18,5	14,3
Des	24,8	23,7	20,6	15,7
1995: Jan	14,8	13,8	17,0	13,1
Feb	7,1	12,2	13,6	11,9
Mrt	6,6	10,4	12,6	12,3

Monetêre totale



breër gedefinieerde geldvoorraad. Hierdie hoë groeikoerse was waarskynlik 'n weerspieëeling van die likwiditeitsvoorkleur van die private sektor, hoofsaaklik vanweë onsekerhede oor politieke ontwikkelings, verwagte rentekoersveranderings en verwagte groot prysaanpassings in die aandele- en effektemarkte. Die groeikoerse oor twaalf maande in M1 en M1A het gedurende die eerste drie maande van 1995 vinniger as die breër monetêre totale verminder vanweë 'n verskuiwing uit tjek- en transmissiedepositos.

Kredietverlening


Die koers van toename oor twaalf maande in die totale binnelandse kredietverlening deur monetêre instellings (dit wil sê kredietverlening aan die private sektor en netto eise teen die regeringsektor) het van 'n jongste hoogtepunt van 24,2 persent in Mei 1994 tot 19,9 persent in Desember en verder tot 16,3 persent in Februarie 1995 teruggesak. Hierdie skerp daling in kredietverlening was in wese die gevolg van 'n betekenisvolle afname in die monetêre instellings se netto eise teen die regeringsektor

gedurende die drie maande tot Februarie 1995. In Maart 1995 het die netto eise teen die regeringsektor egter aansienlik gestyg, grotendeels as gevolg van 'n skerp afname in regeringsdeposito's by die monetêre sektor. Ondanks hierdie ontwikkeling en 'n voortgesette vinnige uitbreiding in die kredietverlening aan die private sektor, het die koers van toename in die totale kredietverlening deur die monetêre sektor gedurende hierdie maand tot 12,9 persent bo die hoë vlak in dieselfde maand van 1994 verlangsaam.

Die groeikoers oor twaalf maande in die kredietverlening van monetêre instellings aan die *private sektor* het van 9,7 persent in Desember 1993 tot 17,0 persent in Desember 1994 en tot 17,5 persent in Maart 1995 gestyg. Hierdie maandelikse groeikoerse het die inflasiekoers, soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks, vanaf Maart 1994 oorskry en die groeikoers oor twaalf maande in reële kredietverlening aan die private sektor het in Maart 1995 soveel as 6,6 persent beloop.

'n Ontleding van die monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens die *soort krediet* wat verleen is, toon dat die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte gedurende 1994 op 'nvlak van ongeveer 17 persent gebly het en daarna tot 19,4 persent in Maart 1995 gestyg het. Die koers van toename in afbetaalingsverkoopkrediet was selfs hoër en het dwarsdeur 1994 versnel, voordat dit in die eerste kwartaal van 1995 ietwat bestendiger geword het. Die aansienlike styging in hierdie soort krediet was grotendeels die gevolg van die skerp toename in die verkoop van nuwe en gebruikte motorvoertuie. As 'n weerspieëeling van die algemene styging in die binnelandse besteding het die groeikoers oor twaalf maande in ander lenings en voorskotte gedurende 1994 ook betreklik vinnig gestyg en daarna in die eerste kwartaal van 1995 meer gelyk verloop. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die koers van toename in bruikhuurfinansiering deur die hele 1994 en in die eerste

Reële kredietverlening aan die private sektor



kwartaal van 1995 betreklik laag gebly.

'n Ontstellende aspek van die toename in die kredietverlening aan die private sektor deur monetêre instellings in die eerste kwartaal van 1995 is dat dit deur *kredietverlening aan huishoudings* oorheers is. Die krediet wat deur banke aan huishoudings verskaf is, was verantwoordelik vir nie minder nie as 63 persent van die toename in totale kredietverlening aan die private sektor in die eerste kwartaal van 1995; dit kan vergelyk word met verhoudings van 59 persent in die kalenderjaar 1993 en 46 persent in 1994. 'n Aansienlike groter deel van bankkrediet aan die private sektor is derhalwe regstreeks

Tabel 9. Persentasieverandering oor twaalf maande in kredietverlening aan die private sektor volgens soort krediet

Tydperk	Beleggings- en wissels	Afbetalings-verkope	Bruikhuur-finansiering	Verbande	Ander lenings en voorskotte	Totaal
1993: Des	-25,5	18,0	6,8	17,7	8,4	9,7
1994: Mrt	-25,9	23,9	7,7	16,6	13,1	11,8
Jun.....	-11,5	23,5	8,4	16,8	12,3	13,3
Sept	17,2	24,7	5,9	16,6	12,4	15,3
Des	28,0	27,6	7,2	17,9	12,8	17,0
1995: Jan.....	26,8	27,6	4,2	19,9	13,2	17,6
Feb.....	46,4	26,2	6,2	19,1	13,3	18,3
Mrt	33,5	25,4	7,9	19,4	12,2	17,5

vir die finansiering van private verbruiksbesteding aangewend.

Rentekoerse en opbrengskoerse

Nadat die *opbrengskoerskromme* gedurende 1994 opwaarts beweeg het, het dit in die eerste vyf maande van 1995 op ongeveer dieselfde vlak gebly. Die vorm van die kromme het egter effens platter geword namate die opbrengskoerse op korttermynlooptye hoër geneig het, terwyl die opbrengskoerse op die langertermynlooptye min of meer onveranderd gebly het. Die steil opwaartse helling van die opbrengskoerskromme oor die eerste vyf jaar van die aflossingstruktuur dui steeds op verwagte stygings in korttermynrentekoerse.

Geldmarkrentekoerse wat in Februarie 1994 begin verstewig het, het gedurende die eerste kwartaal van 1995 rondom die vlakke van Desember 1994 gewissel maar per saldo in April en Mei 1995 verder gestyg. Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande het byvoorbeeld slegs matig van 12,69 persent aan die einde van Desember 1994 tot 12,83 persent aan die einde van Maart 1995 gestyg, voordat dit sterker tot 13,47 persent aan die einde van April en 13,89 persent aan die einde van Mei 1995 toegeneem het. Die meeste van die ander geldmarkkoerse het gedurende hierdie vyf maande soortgelyke veranderings getoon met die interbankkoers wat die meeste gefluktueer het. Die rekord geldmarktekort het daartoe gelei dat die interbankkoers ook aansienlik toegeneem het van 11,75 persent aan die einde van Maart 1995 tot 13,75 persent aan die einde van April; dit het daarna effens tot 13,25 persent aan die


einde van Mei 1995 gedaal.

Die verhoging van 13 tot 14 persent in die Bankkoers op 21 Februarie 1995 en die verhoging in die banke se minimum kontantreservereiste van 1 tot 2 persent van totale verpligtinge (uitgesonder kapitaal en reserves) wat op 21 Maart 1995 in werking getree het, het tot 'n styging in die *prima uitleenkoers* van banke van 1,25 persentasiepunte tot 17,50 persent vanaf 22 Februarie 1995 aanleiding gegee. Die reële of inflasie-aangepaste prima uitleenkoers van die banke het ook van 5,8 persent aan die einde van 1994 tot 6,6 persent aan die einde van Maart 1995 toegeneem as 'n aanduiding van die beperkender beleidsingesteldheid van die monetêre owerhede.


Die maatreëls wat in Februarie 1995 aangekondig is om monetêre beleid te verskerp, was ook die oorsaak van 'n toename van 1,0 persentasiepunt in die *verbandkoers* tot 17,25 persent vanaf 22 Februarie 1995 op nuwe lenings en vanaf 23 Maart tot 1 April 1995 op bestaande lenings. Die banke het ook hul oorheersende koers op vaste *deposito's* van twaalf maande in Maart 1995 van 13,0 persent tot 13,50 persent verhoog. Dit het die toename in depositokoerse op 3,0 persentasiepunte van Augustus 1994 tot Maart 1995 te staan gebring, terwyl die primakoers met 2,25 persentasiepunte toegeneem het. Die marge tussen uitleen- en depositokoerse het derhalwe vernou.

Soos reeds aangedui is, het langtermynopbrengskoerse in die eerste vier maande van 1995 om hul jaareindvlakte gewissel, terwyl korttermynkoerse ietwat verhard het. Hoewel korttermynkoerse deur die toename

Opbrengskoerskrommes



Rente- en opbrengskoerse



in Bankkoers beïnvloed is, het hierdie koerse oor die algemeen met aansienlik minder as die toename in Bankkoers gestyg omdat 'n groot deel van die toename reeds vroeër verdiskonter is. Die merkbare toename in die binnelandse vraag na krediet, die verwagte toenemende tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans en die opwaartse neiging in internasionale korttermynrentekoerse het ook opwaartse druk op binnelandse korttermynrentekoerse geplaas.

Langtermynrentekoerse het in die eerste vier maande van 1995 taamlik bestendig gebly aangesien die werklike leningsbehoefte van die owerheid in die fiskale jaar 1994/1995 betreklik maklik deur die binnelandse kapitaalmark geakkommodeer kon word en die geskatte leningsbehoefte in die fiskale jaar 1995/96 nie as buitengewoon groot beskou word nie. Sekere politieke verwikkelings, duidelike tekens van 'n versnellende inflasiekoers en slegs klein netto aankope van binnelandse leningseffekte deur nie-inwoners het egter daarna tot gevolg gehad dat die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte teen die einde van April 1995 opwaarts geneig het. Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het gevoldigk eers geleidelik van 17,02 persent in Januarie 1995 tot 16,72 persent in Maart 1995 afgeneem, voordat dit weer tot 16,82 persent in April en 16,95 persent in Mei 1995 verstewig het. Die reële opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 6,8 persent in Januarie 1995 tot 5,2 persent in April gedaal as gevolg van die opwaartse beweging in die inflasiekoers, terwyl langtermynopbrengskoerse sywaarts beweeg het.

Die maksimum toelaatbare koerse op *finansieringskoste*, soos dit ingevolge die Woekerwet vasgestel is, het in die eerste vyf maande van 1995 onveranderd gebly. Hierdie koerse is laas met ingang 11 November 1994 van 23 tot 25 persent in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie) en van 26 tot 28 persent in die geval van bedrae tot en met R6 000 verhoog.

Die standaardrentekoers van toepassing op lenings deur die staat uit die Staatsinkomstefonds (Skatkiswet, Wet no. 66 van 1975) is met ingang 1 April 1995 met 0,25 persentasiepunte tot 16,75 persent verlaag en toe weer met ingang 1 Mei 1995 tot 17 persent verhoog.

Geldmark

Die betreklike stram *geldmarktoestande* wat in die vierde kwartaal van 1994 geheers het, het in die eerste kwartaal van 1995 aansienlik verruum, maar die geldmark het in April wesenlik vernou. Dit word duidelik deur die vlak van akkommodasie by die diskontovenster weerspieël wat van R5,1 miljard aan die einde van Desember 1994 tot R2,9 miljard aan die einde van Maart 1995 gekrimp het; dit het daná tot 'n rekordvlak van R8,8 miljard aan die einde van April gestyg. Die geldmark het van die eerste week in Mei 1995 weer skerp verruum tot 'n tekort van R3,6 miljard aan die einde van daardie maand.

Die ruimer geldmarktoestande gedurende die eerste kwartaal van 1995 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n skerp styging in die netto buitelandse bates van die Reserwebank, veral in Februarie 1995, sowel as 'n aansienlike afname in regeringsdeposito's by die Bank in Maart 1995. Die note en munte wat buite die Reserwebank in omloop was, het ook in die eerste kwartaal van 1995 verminder en gevoldigk 'n uitbreidende uitwerking op geldmarktoestande uitgeoefen. In April 1995 het al hierdie faktore omgeswaai en 'n aansienlike vernouing in die geldmark teweeggebring. Vanaf die begin van Mei het die netto buitelandse bates van die Reserwebank weer tot 'n opmerklik hoér vlak gestyg en het regeringsdeposito's by die Bank skerp gedaal, wat die ruimer geldmarktoestande in hierdie maand veroorsaak het.

Die optrede van die Reserwebank in die geldmark gedurende die eerste kwartaal van 1995 was aanvanklik redelik toegeeflik, maar nogtans matig beperkend. Die Bank het geldmarktoestande versag deur die bestuur van die Belastings- en Leningsrekeninge en deur die aankope van bates vir die portefeuille van die Korporasie vir Openbare Depositos. Teen die einde van Februarie het die sentrale bank 'n aansienlik beperkender monetêre beleidsingesteldheid gevold en het die Bank 'n posisie ingeneem om oormatige likwiditeit op te ruim deur die basiese minimum kontantreserwevereiste van banke met ingang van 21 Maart 1995 van 1 tot 2 persent van hul totale verpligtinge (soos aangepas) te verhoog. Dit was agterna gesien 'n verstandige maatreël in die lig van die aansienlike afname in die regeringsdeposito's by die Reserwebank in Maart. In die eerste week van April was die Reserwebank ook genoodsaak om buitelandse valutaruiltransaksies aan te gaan om outonome faktore teen te werk wat tot 'n verruiming in die geldmark aanleiding gegee het. Gedurende die res van April het die optredes van die Reserwebank in die geheel die opmerklik strammer geldmarktoestande verlig. In Mei het beperkende maatreëls gevold toe die likwiditeit in die geldmark weer toegeneem het.

Effektemark

Nuwe uitgiftes in die *primêre effektemark* deur instellings in die *openbare sektor* het in die eerste kwartaal van 1995 tot 'n betreklik lae vlak gedaal as gevolg van die kleiner leningsbehoefte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1994/95 en die owerhede se pogings om die tekort meer eweredig deur die jaar te befonds. Die bedrag aan fondse wat leners in die openbare sektor by wyse van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite opgeneem het, het van R7,8 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R3,5 miljard in die eerste kwartaal van 1995 afgeneem. Dit het die nuwe uitgiftes van binnelandse effekte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1994/95 op R22,6 miljard te staan bring; in die voorafgaande jaar het hierdie uitgiftes R33,7 miljard bedra.

Aanvullend tot hierdie binnelandse uitgiftes het die owerheid voortgegaan met pogings om internasionale

finansiële betrekkinge te normaliseer. Nadat R2,6 miljard in Desember 1994 in die internasionale kapitaalmark bekom is, is verdere effekte-uitgifte van R1,3 miljard in Mei 1995 in die Japanse effektemark gedoen.

Die waarde van fondse wat maatskappye in die private sektor deur uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite (met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele, skuldbriewe en maatskappyobligasies) bekom het, het in 1994 skerp gedaal en gedurende die eerste kwartaal van 1995 is geen sodanige uitgiftes deur genoteerde maatskappye in die private sektor gedoen nie. 'n Aantal maatskappye het egter in die eerste kwartaal van 1995 deur middel van omskepbare effekte, kapitaal ten bedrae van R0,8 miljard in buitelandse markte verkry wat die vraag na leenbare fondse in die binnelandse kapitaalmark nog verder verminder het.

In die sekondêre effektemark het die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is en wat van 'n rekordvlak van R294,5 miljard in die derde kwartaal van 1994 tot R170,1 miljard in die vierde kwartaal afgeneem het, in die eerste kwartaal van 1995 verder tot R142,1 miljard gekrimp. Die laer waarde van effekte wat verhandel is, is sterk beïnvloed deur onsekerheid oor moontlike bewegings in langtermynopbrengskoerse. Die waarde van effekte wat verhandel is, het as gevolg van die kleiner getal handelsdae selfs laer beweeg van 'n gemiddelde maandelikse vlak van R47,3 miljard in die eerste kwartaal van 1995 tot R33,7 miljard in April 1995.

Netto verkope van effekte deur nie-inwoners het waarskynlik in afwagting van die afskaffing van die

tweeledige wisselkoersstelsel in Februarie 1995 plaasgevind, en het in die week voor en na die afskaffing van die finansiële rand opmerklik toegeneem. Nadat nie-inwoners deurgaans in die laaste drie kwartale van 1994 netto aankopers van effekte ten bedrae van R1,7 miljard op die Johannesburgse Effektebeurs was, het hulle derhalwe in die eerste kwartaal van 1995 netto verkopers ten bedrae van R363 miljoen geword. Met die geldeenheid wat na die afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel betreklik bestendig gebly het, het opbrengskoerse op langtermynneffekte vir buitelanders egter toenemend aantreklik geword en in April en Mei 1995 het nie-inwoners weer eens netto aankopers van effekte ten bedrae van R42 miljoen en R311 miljoen onderskeidelik geword.

Aandeemark


Nuwe uitreikings van aandele in die primêre aandeemark het in die eerste kwartaal van 1995 aansienlik toegeneem nadat baie genoteerde maatskappye 'n doelgerigte program van stapel gestuur het om voorraadvlakte te verhoog, verouderde kapitaalvoorraad te vervang en met nuwe projekte te begin. Nuwe uitgiftes van aandele het gevvolglik skerp van R0,4 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R2,3 miljard in die eerste kwartaal van 1995 toegeneem.

Die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het van R20,7 miljard in die eerste kwartaal van 1994 tot R15,7 miljard in die vierde kwartaal van 1994 en selfs verder tot R13,3 miljard in die eerste kwartaal van 1995 verminder. Die betekenisvolle afname in die omset in die vierde kwartaal van 1994 en die eerste kwartaal van 1995 is meegebring deur 'n traie verloop in aandeemarkte oor die wêreld. In April het die waarde van aandele wat verhandel is verder van 'n gemiddelde maandelikse vlak van R4,4 miljard in die voorafgaande drie maande tot R3,9 miljard verminder. Hierdie afname was egter grotendeels te wyte aan die kleiner getal handelsdae.


Binnelandse beleggers was hoofsaaklik vir die laer omset op die effektebeurs verantwoordelik. Bruto aankope deur nie-inwoners in verhouding tot die totale waarde van aandele wat verhandel is, het van 31,4 persent in 1994 in die geheel tot 38,3 persent in die eerste kwartaal van 1995 en verder tot 46,7 persent in die volgende twee maande toegeneem. Ten spyte van 'n tydelike afname in die aankope deur buitelanders met die afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel, het hul netto aankope van aandele in die eerste vyf maande van 1995 die buitengewoon hoë bedrag van R2,0 miljard beloop, vergeleke met R185 miljoen in 1994 in die geheel. Die merkbare verbetering in die beleggersentiment van nie-inwoners is waarskynlik aangehelp deur die insluiting van die Johannesburgse Effektebeurs by die indeks van opkomende markte van die International Finance Corporation.

Nadat die gemiddelde maandelikse algehele aandeelprysindeks vir twee jaar bykans ononderbroke

Effektebeurstransaksies



Aandelepryse



met 92,2 persent tot 'n rekordhoogtepunt in November 1994 toegeneem het, het dit vanweë 'n daling in aandelepryse op Wallstraat, die rimpeleffek van die Meksikaanse krisis op opkomende markte en in afwagting van die moontlike afskaffing van die finansiële rand taamlik skerp met 10,7 persent tot in Februarie 1995 afgeneem. Die aankondiging van die afskaffing van die tweeledige wisselkoersstelsel en pogings in die Begroting om buitelandse investering in Suid-Afrika aan te moedig, het die afwaartse neiging teen die einde van Maart 1995 omgekeer en was verantwoordelik vir 'n herstel van 3,4 persent in die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele van Februarie tot April; die gemiddelde vlak van aandelepryse was in April 1995 nietemin steeds 7,7 persent laer as die hoogtepunt in November 1994.

Laer goudmynwinste, arbeidsonrus op sekere myne en laer produksie het die prys van goudmynaandele van Oktober 1994 tot Maart 1995 afgedruk. In April het die aandelepryse van goudmyne weer met gemiddeld 3 persent gestyg met die verbetering in die goudprys te midde van onsekerheid in internasionale valutemarkte. Dit het die gemiddelde maandelikse vlak van goudmynaandelepryse tot 36,2 persent onder die boonste draaipunt van September 1994 gebring. Nywerheids- en handelsaandele en finansiële aandele het beter gevaa en hul onderskeie gemiddelde aandeleprysvlakke was in April 1995 slegs 4,1 persent en 6,2 persent onder hul hoogtepunte in Desember en November 1994.

Tabel 10. Dividendopbrengskoers, verdienste-opbrengskoers, prys-verdienste-verhouding en rendementsgaping op alle klasse van aandele

Tydperk	Dividend-Verdienste opbrengs- opbrengs- verdienste- koers koers* verhouding	Prys- verdienste- koers Percent	Rende- ments- gaping Punte
1994:			
Okt.....	2,18	5,27	18,98
Nov	2,14	5,21	19,19
Des	2,19	5,27	18,97
1995:			
Jan.....	2,28	5,48	18,25
Feb.....	2,46	5,97	16,75
Mrt	2,50	5,95	16,80
Apr.....	2,41	5,82	17,17
			14,41

* Uitgesonderd goudmynaandele


As 'n weerspieëling van die laer gemiddelde vlak van aandelepryse, was die dividendopbrengskoers op alle klasse van aandele in April 1995 ietwat hoër as in November 1994. Hoewel die prys-verdienste-verhouding en die rendementsgaping (die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte minus die dividendopbrengskoers op alle klasse van aandele) effens afwaarts beweeg het, het albei op hoë vlakke gebly, wat die feit weerspieël dat aandele betreklik duur is.

Ander finansiële markte

Die omset in die afgeleide mark vir termynkontrakte het in die eerste kwartaal van 1995 tot 'n nuwe rekordhoogtepunt van 1,4 miljoen kontrakte toegeneem nadat dit gedurende 1994 deurgaans lewendig gebly het. In April 1995 het die verhandeling effens afgeneem tot 0,19 miljoen kontrakte, hoofsaaklik as gevolg van minder handelsdae gedurende hierdie tydperk. Handel in opsies op termynkontrakte in die formele afgeleide mark het ook in die eerste kwartaal van 1995 'n nuwe rekordhoogtepunt van 1,5 miljoen kontrakte bereik, alvorens dit tot 0,16 miljoen kontrakte in April teruggesak het. Net soos in die aandelemark, het die deelname van nie-inwoners in die afgeleide mark in die eerste vier maande van 1995 betekenisvol toegeneem.


Die verbandmark het in 1994 deurgaans lewendig gebly en in die eerste kwartaal van 1995 verdere aansienlike groei getoon. Die gemiddelde maandelikse waarde van verbandvoorskotte wat deur banke uitbetaal is, het van R3,9 miljard in die vierde kwartaal van 1994 tot R4,4 miljard in die eerste kwartaal van 1995 toegeneem. Die groei in buigsame verbandvoorskotte (wat ook gebruik kan word om die aankope van duursame en ander verbruiksgoedere te finansier) het die groei in konvensionele verbandvoorskotte oorskry.

Termynbeurstransaksies



In die mark vir vaste eiendom het die waarde van transaksies in vaste eiendom van 'n hoogtepunt van R8,4 miljard in die derde kwartaal van 1994 tot R8,2 miljard in die vierde kwartaal en R7,8 miljard in die eerste kwartaal van 1995 afgeneem. Die toename in die pryse van vaste eiendom, die voortgesette hoë nominale en reële verbandrentekoers en verwagtinge van 'n verdere verhoging in rentekoerse, was waarskynlik hoofsaaklik verantwoordelik vir die laer vlak van transaksies in vaste eiendom sowel as die afname in die gemiddelde eiendomsgrootte van hierdie transaksies.

Verbandlenings en transaksies in vaste eiendom




Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings) het in die fiskale jaar 1994/95 R29,8 miljard bedra, of R11,2 miljard minder as in die voorafgaande fiskale jaar. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die leningsbehoefte van die openbare sektor van 10,4 persent in die fiskale jaar 1993/94 tot 6,7 persent in die fiskale jaar 1994/95 afgeneem. Die uitsonderlik hoë leningsbehoefte in die fiskale jaar 1993/94 was egter hoofsaaklik te wyte aan spesiale nie-herhalende oordragte van R14,8 miljard. Indien hierdie oordragbetalings buite rekening gelaat word, was die leningsbehoefte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1993/94 gelyk aan 6,6 persent van die bruto binnelandse produk of effens laer as die verhouding in die fiskale jaar 1994/95.

Die betreklike groot leningsbehoefte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1994/95 was hoofsaaklik die gevolg van 'n tekort van R26,0 miljard op die Hoofbegroting. Die leningsbehoeftes van die provinsiale regerings en die buitebegrottingsinstellings het R2 386 miljoen en R762 miljoen beloop, wat aansienlik hoër was as hulle teenhangers van R883 miljoen en R331 miljoen in die voorafgaande jaar. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die leningsbehoefte van die plaaslike

Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk



Tabel 11. Besteding van die algemene owerheid in verhouding tot die bruto binnelandse produk

Percent

	1993/94	1994/95
Goedere en dienste	22,7	22,7
Rente	5,7	5,8
Subsidies en ander oordragte	6,7	5,4
Lopende besteding	35,1	33,9
Kapitaalbesteding	2,5	2,2
Kapitaaloordragte	2,9	1,0
Totale besteding	40,5	37,1

owerhede marginaal verbeter van R590 miljoen in die fiskale jaar 1993/94 tot R520 miljoen in die fiskale jaar 1994/95.


Die groot oordragbetalings in die fiskale jaar 1993/94 was ook grotendeels verantwoordelik vir die afname in die totale *algemene owerheidsbesteding* in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 40,5 persent in daardie jaar tot 37,1 persent in die fiskale jaar 1994/95. Indien hierdie oordragbetalings nie in aanmerking geneem word nie, het die totale besteding van die algemene owerheid in die fiskale jaar 1993/94 36,8 persent van die bruto binnelandse produk bedra. Daar was gevoldlik 'n meer as eweredige toename in owerheidsbesteding in die fiskale jaar 1994/95. Soos in tabel 11 aangetoon word, het die ander hoofkomponente van owerheidsbesteding in verhouding tot die bruto binnelandse produk in die fiskale jaar 1994/95 slegs marginaal verander.

Die totale *inkomste en oordragte van die algemene owerheid* het in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 30,5 persent in die fiskale jaar 1993/94 tot 30,7 persent in die fiskale jaar 1994/95 toegeneem. Hierdie toename kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat belastinginkomste vinniger gestyg het as die bruto binnelandse produk, wat aandui dat die belastingdruk toegeneem het. Met die instelling van 'n oorgangsheffing in die fiskale jaar 1994/95, het die belasting op inkomste en winste baie vinnig gestyg. Belasting op goedere en dienste in verhouding tot die bruto binnelandse produk het daarenteen oor dieselfde tydperk van 10,0 persent tot 9,0 persent gedaal.


Fiskale jaar 1994/95

Die *Regering se tekort voor lenings en skuldaflossing* van R26,0 miljard in die fiskale jaar 1994/95 was heelwat laer as die begrote tekort van R29,5 miljard. In verhouding tot die bruto binnelandse produk was die tekort gelyk aan 5,8 persent, teenoor 6,8 persent in die fiskale jaar 1993/94 en 8,5 persent in die fiskale jaar 1992/93. Die laer waarde van die tekort in die fiskale jaar 1994/95 was die gevolg van 'n hoër koers van toename in

Begrotingstekort



Begrote en werklike uitreikings en inkomste




staatsinkomste as wat in die Begroting in Junie 1994 voorsien is. Die toename in die uitreikings aan staatsdepartemente het ook die begrottingsramings oorskry, maar met 'n kleiner marge.

Die koers van toename in die *uitreikings aan staatsdepartemente* het in die fiskale jaar 1994/95 11,5 persent beloop, wat matig hoër was as die begrote voorsiening van 10,2 persent. Hierdie koers van toename in staatsuitreikings was ook hoër as die koers van toename van 9,6 persent in die fiskale jaar 1993/94, maar was heelwat laer as die gemiddelde koers van toename van 15,6 persent in die voorafgaande vyf fiskale jare. Die besteding in die fiskale jaar 1994/95 het ook 'n bedrag van R1,2 miljard van die toegewysde bedrag van R2,5 miljard vir die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram ingesluit. Ongeveer die helfte van hierdie bedrag is aan voedingsprogramme in laerskole en gratis gesondheidsdienste bestee.

Staatsinkomste het in die fiskale jaar 1994/95 teen 15,8 persent toegeneem; in die Begroting is geraam dat inkomste teen 12,9 persent sou styg. Hierdie aansienlik beter-as-verwagte prestasie van staatsinkomste was grotendeels 'n weerspieëeling van die verbetering in die algemene ekonomiese bedrywigheid. Die inkomste uit inkomstebelasting en doeane- en aksynsregte was in die besonder aansienlik hoër as die begrottingsramings. Ontvangste uit belasting op toegevoegde waarde het egter heelwat swakker presteer as wat verwag is.

Soos in tabel 12 aangetoon word, is die *finansiering van die tekort* hoofsaaklik deur die uitreiking van langtermynstaatseffekte gedoen. Die meeste van hierdie




staatseffekte is deur die Openbare Beleggingskommisaris en die nie-monetêre privaatsktor opgeneem. Aangesien hierdie effekte teen koeponkoerse uitgereik is wat aansienlik laer was as die heersende markrentekoerse, het die diskonto op staatseffekte van 6,5 persent van die netto toename in staatseffekte in die fiskale jaar 1993/94 tot 30,9 persent in die fiskale jaar 1994/95 gestyg. 'n Premie op die konsolidasie van sommige uitgifte van staatseffekte is egter ook in die fiskale jaar

Tabel 12. Finansiering van die owerheidstekort in die fiskale jaar 1994/95

	R miljoene
Staatseffekte:	
Openbare Beleggingskommissaris.....	16 639
Monetêre instellings	2 603
Nie-monetêre privaatsektor.....	15 603
Totaal insluitende diskonto.....	34 845
<i>Min:</i> Diskonto op staatseffekte	10 764
<i>Plus:</i> Premie op konsolidasie van effekte	1 321
Totaal	25 402
Skatkiswissels.....	-167
Buitelandse lenings	2 604
Nie-bemarkbare sekuriteite	-265
Leningsheffing.....	-710
Geldmarkinstrumente	1
Buitengewone ontvangste	31
Toename in beskikbare kontantsaldo's	-934
Totale netto finansiering	25 962

Totale staatskuld as persentasie van bruto binnelandse produk



1994/95 verdien. Die netto diskonto ten bedrae van R9,4 miljard op die uitgifte van staatseffekte het nietemin teen die einde van Maart 1995 'n verdere 2,1 persentasie-punte tot die verhouding van staatskuld tot die bruto binnelandse produk bygevoeg.

In die finansiering van die tekort is skatkiswissels ter waarde van R1 880 miljoen gedurende die fiskale jaar 1994/95 aan nie-inwoners verkoop, wat ook tot die verstewiging van die buitelandse reserwes bygedra het. In Desember 1994 het die regering vir die eerste keer sedert Oktober 1991 daarin geslaag om 'n groot effekte-uitgifte op die wêreldeffektemark te doen. Effekte ten bedrae van VS\$750 miljoen is uitgereik, wat R2 672 miljoen tot die finansiering van die tekort bygedra het.

In 'n poging om 'n toename in die druk van die hoë rentekoste van die skuld op die owerheid se finansies te vermy en tegelykertyd in institusionele beleggers se voorkeur vir 'n kapitaalmarkinstrument met geldmark-eienskappe te voorsien, is 'n nuwe effek met 'n wisselende koers gedurende Oktober 1994 bekendgestel. Hoewel hierdie effek op die bevrediging van die voorkeure van institusionele beleggers gemik was, het die Openbare Beleggingskommissaris en die monetêre sektor die belangrikste beleggers geword en het aan die einde van Maart 1995 onderskeidelik R2,0 miljard en R1,3 miljard uit 'n totale uitreiking van R5,2 miljard gehou.

Die leningsbehoefte van die regering voor skuldaflossing en die groot diskonto op die uitgifte van nuwe staatseffekte het daartoe geleid dat die staatskuld van R192,2 miljard aan die einde van die fiskale jaar 1993/94 tot R245,3 miljard aan die einde van die fiskale jaar 1994/95 toegeneem het. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het staatskuld van 48,6 persent tot 55,1 persent gedurende hierdie tydperk gestyg. Die

skerp opwaartse neiging in hierdie verhouding verhoog die gevaar van die monetisering van staatskuld.

Die Begroting vir 1995/96

In sy Begrotingsrede op 15 Maart 1995 het die Minister van Finansies gesê dat die tema van die Begroting vir die fiskale jaar 1995/96 is om op 'n handhaafbare wyse in die materiële welsyn van alle Suid-Afrikaners te voorsien, met veranderings wat polities haalbaar, ekonomies bekostigbaar en uit 'n bestuursoogpunt kerngesond moet wees. Met hierdie doel voor oë, is die volgende belangrike verwysingspunte vir die Begroting neergelê:

- blywende toenames in die totale belastingglas moet vermy word;
- reële uitgawes wat nie op rente betrekking het nie moet betueel word;
- totale loon- en salaristoenames moet binne die perke van inflasie gehou word; en
- die totale begrotingstekort en die vlak van ontsparing deur die owerheid moet verlaag word.

In ooreenstemming met hierdie maatstawwe is owerheidsbesteding op R152,6 miljard begroot, wat 'n toename van 9,0 persent bo die voorafgaande jaar se vlak verteenwoordig. In die Begroting is terselfdertyd voorsiening gemaak vir die herverdeling van besteding om die doelwitte van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram te bereik. Dit het geleid tot 'n betekenisvolle verskuiwing weg van besteding aan algemene owerheidsadministrasie, verdediging en ekonomiese dienste na besteding aan onderwys, gesondheids-

versorging, bestaansbeveiliging, welsyn, behuising en die polisie.

Totale staatsinkomste is geraam om in die fiskale jaar 1995/96 met 10,3 persent tot R123,0 miljard toe te neem. Besondere klem is op die inkomstekant geplaas om die belastingstruktuur in ooreenstemming te bring met die vereiste van die Tussentydse Grondwet van 'n belastingstruktuur met 'n eenheidskoers vir alle individue. Die Minister het ook die noodsaaklikheid van 'n verbeterde belastingadministrasie, die uitvoerbaarheid van 'n algemene belastingamnestie en die voorlopige handhawing van die *status quo* ten opsigte van belasting op toegevoegde waarde en maatskappybelasting beklemtoon. Die belastingvoorstelle sluit in die besonder die volgende belangrike veranderinge in:

- 'n enkele koerskaal vir alle individue, tot 'n maksimum marginale koers van 45 persent op 'n belasbare inkomste van R80 000;
- 'n toename in sekere aksynsregte en die brandstofheffing;
- die verwydering van die invoerheffing op alle kapitaal- en intermediêre goederé;
- die afskaffing van belasting op dividende van buitelandse aandeelhouers;
- die harmoniëring van belasting soos van toepassing op die voormalige TBVC-lande met die res van Suid-Afrika; en
- die instelling van maatreëls om belastingvermyding te voorkom met betrekking tot meer as een maatskappymotor, die toevalling van en die blootstelling aan rente op finansiële instrumente, rente wat deur immigrante verdien is, die belasting op enkelbedragbetalings en die afskrywing van die koste op skepe en vliegtuie.

Die besteding- en inkomsteramings van die owerheid behoort 'n tekort van R29,7 miljard of 5,9 persent van die geraamde bruto binnelandse produk tot gevolg te hê. Indien leningsaflossings van bykans R9 miljard in berekening gebring word, is die *bruto leningsbehoefte* vir die fiskale jaar 1995/96 R38,6 miljard. Die regering beoog om R35,5 miljard van hierdie leningsbehoefte deur middel van uitreikings van staatseffekte te finansier. Die res van dié tekort sal hoofsaaklik deur buitelandse lenings, skatkiswissels en buitengewone inkomste gefinansier word.

Verklaring uitgereik deur mnr C.F. Liebenberg, Minister van Finansies, oor die afskaffing van die finansiëlerandstelsel

10 Maart 1995

Die finansiëlerand- of dubbele wisselkoersstelsel soos dit tans in Suid-Afrika toegepas word, het sy oorsprong in die valutabeheermaatreëls wat op 1 September 1985 ingestel is om die binnelandse ekonomie teen die nadelige uitwerking van groot kapitaalinvloeiinge in daardie stadium te beskerm. Die maatreëls wat toe ingestel is, het voorsiening gemaak vir:

- (i) 'n moratorium op of tydelike stilstand ten opsigte van die terugbetaling van ongeveer 60 persent van Suid-Afrika se buitelandse skuld; en
- (ii) 'n beperking op die inwisselbaarheid in buitelandse valuta van die opbrengs van die plaaslike verkope van Suid-Afrikaanse beleggings wat deur nie-inwoners besit word. Hierdie opbrengste moes in Suid-Afrika by Suid-Afrikaanse gemagtigde handelaars in buitelandse valuta in die vorm van finansiëlerandsaldo's gehou word. Sodanige saldo's is egter vryelik oordraagbaar tussen nie-inwoners en kon ook in Suid-Afrikaanse genoteerde sekuriteite en in ander ekwiteitsbeleggings, "soos van tyd tot tyd deur die owerhede bepaal", herbelê word.

Die skuldstilstandreëlings wat aan die begin op 'n totale bedrag van VSA\$13,6 miljard van toepassing was, was die onderwerp van 'n reeks van daaropvolgende Tussentydse Skuldreëlings wat tussen Suid-Afrika en sy buitelandse krediteure aangegaan is, en het vir 'n geleidelike vermindering in die bedrag van "geaffekteerde skuld" voorsiening gemaak. In September 1993, toe die bedrag betrokke ingevolge dié reëlings tot net meer as \$4 miljard gedaal het, is 'n finale herskeduleringsreëling, wat vir die volle delging van die uitstaande saldo oor die typerk 1994 tot 2001 voorsiening maak, met buitelandse krediteure aangegaan.

Die finansiëlerandstelsel het egter van krag gebly. Oor die afgelope jaar, maar meer bepaald sedert die Regering van Nasionale Eenheid in Mei 1994 aan bewind gekom het, het Suid-Afrika se posisie in die internasionale geld- en kapitaalmarkte dramaties verander. Internasjonale strafmaatreëls, soos ekonomiese sanksies, beperkings op beleggings en gedwonge leningsonttrekkings is herroep en Suid-Afrika is weer as 'n normale lid van die internationale gemeenskap aanvaar.

Sedert die middel van verlede jaar het volgehoudende netto kapitaalinvloeiinge die tekort wat op die lopende rekening van die betalingsbalans ontstaan het, oorskry en die Reserwebank in staat gestel om 'n gedeelte van sy eie buitelandse lenings af te los en om sy karige buitelandse reserwes aan te vul. Vandag besit die Reserwebank nie slegs ongeveer R12½ miljard aan buitelandse reserwes nie, maar het ook buitelandse

kredietfasiliteite van ongeveer R16 miljard gereël, waarvan ongeveer R13 miljard tans onbenut is.

Onlangs het die wisselkoers van die kommersiële rand en dié van die finansiële rand nader na mekaar beweeg en was die diskonto van die finansiële rand vergeleke met die kommersiële rand vir meer as drie weke laer as 10 persent. Hierdie koerse is natuurlik deur spekulatiewe transaksies beïnvloed, maar dui nietemin daarop dat slegs klein aanpassings nou nodig sal wees vir die twee koerse om gelyk te wees.

Alhoewel die finansiëlerandstelsel Suid-Afrika gedurende die jare van ekonomiese isolasie goed gedien het, het dit baie nadele en mag dit in normale tye selfs nuwe buitelandse belegging in die land ontmoedig. Die Regering, gesteun deur die Reserwebank, is van mening dat die onderliggende finansiële toestand nou sodanig verbeter het dat die afskaffing van die finansiëlerandstelsel geregtig kan word. Die Regering het gevvolglik besluit dat vanaf Maandag 13 Maart 1995, die valutabeheerbeperkings op die vrye inwisselbaarheid en repatriasie van die opbrengs van die plaaslike verkope van Suid-Afrikaanse beleggings wat deur nie-inwoners besit word, teruggetrek word. Die finansiëlerand- en dubbele wisselkoersstelsel sal hierdeur effektief beëindig word.

Vanaf Maandag 13 Maart 1995, sal Suid-Afrika gevvolglik slegs 'n enkele wisselkoers hê wat op beide lopende en kapitaaltransaksies tussen inwoners en nie-inwoners van toepassing sal wees. Hierdie wisselkoers sal, soos in die geval van die kommersiële rand in die onmiddellike verlede, deur markfaktore bepaal word en die Reserwebank sal voortgaan om in die buitelandse valutamark in te meng, hoofsaaklik om oormatige korttermynskommelings in die wisselkoers uit testryk.

Die afskaffing van die dubbele wisselkoersstelsel is die eerste stap wat die Regering van Nasionale Eenheid doen in sy strewe na volle finansiële liberalisering en sal nog 'n struikelblok in die weg van nuwe belegging deur nie-inwoners in Suid-Afrika verwijder. Tans word die oorblywende valutabeheer van toepassing op buitelandse beleggings deur Suid-Afrikaanse inwoners nie afgeskaf nie. Groot agterstande het oor baie jare van valutabeheer opgebou en daar is tans 'n aansienlike onderdrukte vraag van Suid-Afrikaanse beleggers, in die besonder van institutionele beleggers, na buitelandse bates. Totale buitelandse belegging in Suid-Afrika sal egter voortaan noukeurig gemoniteer word, met die oog op die geleidelike verslapping van die valutabeheer wat op inwoners van toepassing is.

Die afskaffing van die finansiëlerandstelsel het een belangrike implikasie vir die skuldherskeduleringsreëlings wat Suid-Afrika met sy buitelandse krediteure in September 1993 aangegaan het. Hierdie reëlings het

onder andere voorsiening gemaak vir:

"die behoud van die bestaande opsie aan krediteure om skuld deur middel van die finansiëlerandmeganisme tot Suid-Afrikaanse beleggings te omskep, met die voorbehoud egter dat ingeval die finansiële rand voor die verstryking van die finale reëling afgeskaf sou word, die Minister van Finansies na goeddunke 'n gepaste ander skuld-vir-ekwiteitsbelang-ruilmeganisme in plek kan stel."

(*Verklaring uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Minister van Finansies op 27 September 1993.*)

Met die herinstelling van volle inwisselbaarheid en die vrye repatriasie van die opbrengs uit die verkoop van buitelandse belegging in Suid-Afrikaanse sekuriteite, sal hierdie skuld-vir-ekwiteitsbelang-ruilfasilitet vanself-sprekend die doelstelling van die skuldherskeduleringsooreenkoms verydel. Totdat 'n aanvaarbare alternatiewe reëling uitgewerk kan word, sal die fasilitet vir die ruil van skuld, onderhewig aan die herskeduleringsreëlings, na ekwiteite opgehef word.¹

Die Presidente en personeel van die Reserwebank sal môre die gemagtigde handelaars in buitelandse valuta, verteenwoordigers van die Johannesburgse Effektebeurs, die Suid-Afrikaanse Termynbeurs en die Effektemark Vereniging ontmoet ten einde die implikasies van hierdie besluit te bespreek. Dit word nie nodig geag om enige van die beurse of die buitelandse valutamark volgende week te sluit nie. Dit behoort moontlik te wees om Maandag normale finansiële markoperasies, en met 'n ten volle geïntegreerde swewende eenheidswisselkoers vir die rand, met min ontwrigting te hervat. Indien nodig, sal die President van die Reserwebank Maandagoggend 'n verdere verklaring oor die reëlings vir die implementering van die nuwe bedeling uitreik.

Hierdie stap moet gesien word as verdere bewys van die vasbeslotenheid van die Regering van Nasionale Eenheid om gesonde makro-ekonomiese beleid na te streef wat algehele finansiële stabilitet sal bewaar, 'n vriendelike omgewing vir buitelandse belegging sal skep en volgehoue ekonomiese groei in Suid-Afrika sal bevorder.

Private verbruiksbesteding in die makro-ekonomiese model van die Reserwebank

deur C.J. Pretorius en S. Knox

Inleiding

Verbruiksbesteding deur private huishoudings maak verreweg die grootste deel van Suid-Afrika se bruto binnelandse produk uit. As 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het private verbruiksbesteding in die tydperk na 1960 gewissel van 'n laagtepunt van 50 persent in 1980 tot 'n hoogtepunt van 61 persent in 1992. Enige poging om die wisselwerking van die Suid-Afrikaanse ekonomie deur middel van 'n ekonomiese model te verklaar moet daarom duidelik op totale verbruikersgedrag toegespits wees. Die verbruiksfunksie moet met groot omsigtigheid geformuleer en geskat word om te verseker dat dit verbruikersgedrag so akkuraat as moontlik weergee.

In hierdie artikel word 'n omskrywing gegee van die stel vergelykings in die makro-ekonomiese model van die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat die totale verbruikersgedrag probeer verklaar. Die eerste afdeling gee aandag aan sekere teoretiese begrippe waarop die geskatte verbruiksfunksies in die model gegrond is. Die tweede afdeling bied 'n oorsig van mediumtermynneigings in private verbruiksbesteding soos dit in die nasionale rekeninge van Suid-Afrika aangeteken word. Die daaropvolgende afdelings beskryf die verklarende veranderlikes wat in die gedragsvergelykings voorkom en die spesifikasie en ekonomiese skatting van hierdie vergelykings. Die rentekoerssensitiviteit van private verbruiksbesteding word daarna kortliks bespreek, voordat 'n paar samevattende opmerkings in die laaste afdeling gemaak word.

Teorieë van private verbruiksbesteding

Keynes se formulering van die verbruiksfunksie kan beskou word as 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van die makro-ekonomiese. Verskeie alternatiewe teorieë het sedertdien die lig gesien, soos Milton Friedman se permanente-inkome-hipotese, die lewensklushipotese van Modigliani, Ando en Brumberg en Duesenberry se relatieve-inkome-hipotese. Hierdie hipoteses is deeglik deur prominente ekonome bespreek. Alhoewel hulle in sekere opsigte verskil, is die hedendaagse teorie en empiriese ontledings gewoonlik 'n samevoeging van die lewensklus- en die permanente-inkometeorie.

Keynes se verbruiksteorie

Die bepaling van verbruiksbesteding is 'n belangrike fokuspunt van die Keynesiaanse makro-ekonomiese teorie¹. Keynes het sy teorie vir verbruikersgedrag gegrond op die waarneming dat verbruiksbesteding

toeneem as inkome toeneem, maar nie in dieselfde mate nie. Om te beklemtoon dat verbruiksbesluite op die absolute bedrag van die lopende inkome van persone berus, word daar ook na Keynes se teorie van verbruiksbesteding as die absolute-inkome-hipotese verwys. Die teorie kan in drie bepaalde stellings saamgevat word:

- totale verbruik is 'n stabiele funksie van totale beskikbare inkome, wat beteken dat die verbruiksgeneigdheid 'n betreklik stabiele funksie is;
- die grensverbruiksgeneigdheid (MVG) is positief en kleiner as een (dit wil sê dat verbruik sal toeneem as inkome toeneem, maar nie in dieselfde mate as inkome nie); en
- wanneer inkome toeneem, sal die gemiddelde verbruiksgeneigdheid (GVG) afneem.

Die Keynesiaanse teorie beweer ook dat sekere soorte inkome met verskillende grensverbruiksgeneigdhede vereenselwig kan word. Oordragontvangste sal byvoorbeeld 'n hoër grensverbruik tot gevolg hê as verdiende inkome.

Die Keynesiaanse stellings kan deur die volgende reglynige verbruiksfunksie voorgestel word:

$$C_t = C_0 + bY_t, \text{ met } 0 < b < 1$$

waar C = reële private verbruiksbesteding;
 C_0 = konstante term wat onafhanklike verbruik verteenwoordig, dit wil sê die gedeelte van verbruik wat nie saam met inkome verander nie;
 Y = reële beschikbare inkome; en
 b = die grensverbruiksgeneigdheid.

Aangesien die verbruiksfunksie reglynig is, is die grensverbruiksgeneigdheid ($\Delta C / \Delta Y$) konstant oor tyd. Die grensverbruiksgeneigdheid is kleiner as die gemiddelde verbruiksgeneigdheid (C/Y), wat veroorsaak dat die GVG afneem as inkome styg en nader aan die MVG by baie hoë inkomevlakte beweeg. Dit kan deur die volgende algebraïese berekening getoon word:

$$GVG = \frac{C}{Y} = \frac{C_0 + bY}{Y}$$

wat vereenvoudig kan word tot

$$GVG = \frac{C}{Y} = \frac{C_0}{Y} + b$$

¹ Keynes, J.M.: *The general theory of employment, interest, and money*, Harcourt, Brace en World, New York, 1936.

Die eerste term word kleiner nadat beskikbare inkome toeneem. Dit veroorsaak dat die GVG afneem.

Pogings om met behulp van die Keynesiaanse verbruiksfunksie die totale verbruikersgedrag in die Verenigde State van Amerika na die Tweede Wêreldoorlog vooruit te skat, was deur onaanvaarbaar hoë vooruitskattingfoute gekenmerk. Dit het geleid tot groot onsekerheid oor die geldigheid van die veronderstelling van 'n stabiele funksie van totale verbruik.

Die konstante term was die wiskundige oorsaak waarom die Keynesiaanse verbruiksfunksie nie op tydreeksgegewens toegepas kon word nie. Indien ontonome verbruik gelyk gestel word aan nul, is die grensverbruiksgeneigdheid gelyk aan die gemiddelde verbruiksgeneigdheid en sal albei vir alle vlakke van inkome konstant bly. 'n Nul-afsnit sal egter nie help om die konjunkturbewegings van die GVG op kort termyn te verklaar nie. Die meeste van die daaropvolgende teoretiese formulerings gebruik 'n verbruiksfunksie met 'n nul-afsnit om vir die stabiliteit van die GVG oor die lang termyn voorsiening te maak.

Die permanente-inkome-hipotese

Nog 'n belangrike bydrae tot die teorie van totale verbruik is die permanente-inkome-hipotese wat teen die middel van die vyftigerjare deur Milton Friedman geformuleer is². Die idee wat die grondslag vorm van die permanente-inkome-hipotese is die eweredige verhouding tussen permanente verbruik en permanente inkome. Permanente inkome word omskryf as die inkome wat uit 'n individu se totale rykdom geskep word. Totale rykdom sluit menslike kapitaal in wat die hoeveelheid natuurlike fisiese en geestelike vermoëns, kennis en opleiding behels wat die individu in staat stel om arbeidsinkome te verdien. Permanente inkome strek oor 'n langer tydperk as net die huidige tydperk, dit wil sê dit is die inkomevlak wat na verwagting oor die lang termyn gehandhaaf sal word.

Friedman beweer dat verbruik uit twee komponente bestaan: 'n permanente of beplande deel wat gegrond word op begrotingsbeplanning, gewoontes en huidige behoeftes; en 'n tydelike of wisselvallige deel wat gegrond is op wispelturigheid, onvoorsiene gebeure en toevalighede. Die tydelike komponent wissel rondom nul, terwyl die permanente deel van verbruik 'n konstante deel van die huishouding se permanente inkome is. Die verwantskap tussen permanente verbruik en permanente inkome kan soos volg voorgestel word:

$$C(P) = gY(P)$$

waar $C(P)$ permanente verbruik en $Y(P)$ permanent inkome verteenwoordig.

² Friedman, M.: *A Theory of the Consumption Function*, Cambridge, MA.: National Bureau of Economic Research, 1957.

Die breukdeel g kan as die langtermyn MVG beskou word. Aangesien daar geen afsnit bestaan nie, is dit terselfdertyd ook die GVG en bly dit konstant nagelang inkome oor tyd groei. Die werklike deel van permanente inkome wat verbruik word, hang onder ander af van:

- die voorkeur vir toekomstige verbruik bo huidige verbruik;
- die geleentheidskoste van huidige verbruik; en
- die onsekerheid oor toekomstige behoeftes en voorkeure.

Geredelik beskikbare gegewens vir die empiriese toetsing van die permanente-inkome-hipotese onderskei nie tussen 'n permanente en 'n tydelike komponent nie. Geskatte verbruikgegewens is die gevolg van optimale besluitneming en onvoorsiene gebeure in die verlede en stem nie ooreen met die teoretiese begrippe van permanente en tydelike inkome nie. Die waargenome gegewens van verbruik en inkome is *ex post* van aard en nie *ex ante* soos die teoretiese begrippe nie.

In die afwesigheid van beskikbare totale van permanente en tydelike inkome, vereis die empiriese skatting van verbruikersgedragsvergelykings dat realistiese aannames gemaak moet word oor die beweging van hierdie twee begrippe oor tyd. Permanente inkome kan gewoonlik benaderd bepaal word as 'n geweegde gemiddelde van huidige en vorige inkomevlakke. Normaalweg sal daar aan huidige inkome die grootste gewig toegeken word, terwyl kleiner gewigte aan die vorige vlakke van inkome toegeken sal word. Hierdie benadering veronderstel dat die verwagtings van huishoudings die meeste deur die jongste ondervindings beïnvloed word. Dit kan op die volgende wyse voorgestel word:

$$y_t(P) = \sum_{i=0}^N w_i y_{t-i}$$

waar N die lengte van die tydsverloop en w_i die gewigte aandui wat aan die huidige en vorige inkomevlakke toegeken is.

Die vergelyking kan geskat word nadat die lengte van die inkometydsloering bepaal is. Die skatting kan vereenvoudig word deur gebruik te maak van 'n wegingsproses, byvoorbeeld daar kan aangeneem word dat die gewigte w_i 'n eksponensieel dalende patroon volg:

$$w_i = (1-\lambda)\lambda^i, \text{ met } 0 < \lambda < 1 \text{ en } \sum w_i = 1$$

Indien die gewigte op hierdie wyse gespesifiseer word, word die verbruiksfunksie vereenvoudig tot:

$$C_t = (1-\lambda)Y_t + \lambda C_{t-1}$$

Sekere voorbehoude oor die permanente-inkome-hipotese moet genoem word. Die hipotese bepaal dat verbruik proporsioneel tot permanente inkome is. Dit beteken dat positiewe tydelike inkome nie verbruik word nie, maar gespaar word. Omdat die permanente-inkome-hipotese nie tydelike inkome in berekening bring by die neem van verbruiksbesluite nie, mag dit dus op 'n stadiger reaksie op veranderinge in die eksogene veranderlikes dui as wat in werklikheid die geval mag wees.

Die jongste navorsing oor verbruiksteorieë ondersoek ander metodes vir die raming van permanente inkome.

Lewensiklushipotese

'n Teorie van verbruiksbesteding wat oor die afgelope drie dekades 'n groot invloed op ekonomiese denke gehad het, is deur Modigliani en Ando (1963)³ ontwikkel. Net soos Friedman en Duesenberry het hulle die ontleding van individuele verbruikersgedrag as 'n grondslag vir die omvattende verbruiksfunksie gebruik. In teenstelling met Friedman, wat beweer dat die tydsverloop waarin ekonomiese besluitnemers hulle besluite neem empiries uit die beskikbare statistiese gegewens afgelei kan word, aanvaar hulle dat die tydperk waarin verbruikers hul bestedingsbesluite neem oor die verwagte leeftyd van die verbruiker strek. Daar word oor die algemeen na verbruiksteorieë wat op hierdie aanname berus verwys as die lewensiklushipoteses van verbruikersgedrag. Volgens die lewensiklusteorie word verbruik deur rykdom eerder as inkome beperk.

Die grondliggende aanname van die lewensiklusteorie is dat nut gemaksimaliseer word deur stelselmatige verbruiksbesteding oor tyd. Aannames oor inkome wat oor 'n leeftyd verdien sal word, dien as grondslag vir rationele verbruiksbesluite. Arbeidsinkome neem gewoonlik toe gedurende die vroeë stadium van die lewensiklus, verlangsaam gedurende die werker se gevorderde werksjare en neem af met aftrede. Volgens die lewensiklushipotese sal inkome op so 'n wyse toegedeel word dat 'n eweredige verbruik oor die verloop van die verbruiker se lewe voortduur. Besparings in die middeljare moet voldoende wees vir die terugbetaling van lenings wat vir verbruik vroeg in die lewensiklus aangegaan is en om voorsiening te maak vir inkome met die oog op verbruik tydens aftrede. Die MVG vir die ekonomie in die geheel sal onder andere afhang van die voorkeure en ouderdom van verbruikers en van rentekoerse. Rentekoerse bepaal die groei in rykdom en die toewysing van inkome tussen huidige en toekomstige verbruik. Daar word verwag dat verbruik 'n omgekeerde verwantskap met rentekoerse sal toon; huidige verbruik sal afneem wanneer rentekoerse hoog is sodat vir toekomstige verbruik gespaar word.

Totale rykdom (W_o) kan gedefinieer word as die som

van die huidige batebesit (A_o) en huidige arbeidsinkome (Y_o) plus die heersende waarde van verwagte toekomstige arbeidsinkome (\bar{Y}^e). Dit kan soos volg geskryf word:

$$W_o = A_o + Y_o + \sum_{i=1}^N \frac{\bar{Y}_i^e}{(1+r)^i},$$

waar N die verwagte lewensduur en r die diskontokoers is wat veronderstel is om konstant te bly.

Die verwagte toekomstige inkome is egter nie waarneembaar nie en enkele vereenvoudigende aannames moet gemaak word voordat die vergelyking geskat kan word. Indien \bar{Y}^e gedefinieer word as die gemiddelde verwagte verdiskonteerde vlak van inkome en verder aanvaar word dat die verwantskap tussen verwagte en lopende inkome die volgende is:

$$\bar{Y}^e = \alpha Y_o,$$

dan kan rykdom geskryf word as:

$$W_o = A_o + Y_o + N\alpha Y_o$$

Indien rykdom in die verbruiksfunksie ($C_o = kW_o$) vervang word, kan die lewensiklus-verbruiksvergelyking soos volg herskryf word:

$$C_o = kA_o + k(1 + N\alpha)Y_o$$

Indien 'n aanname gemaak word oor die gemiddelde ekonomies aktiewe leeftyd (N), kan die ander twee parameters in die vergelyking, k en α , geskat word.

In teenstelling met die Keynesiaanse verbruiksfunksie, waar die verhouding van verbruik tot inkome afneem namate inkome toeneem, sal hierdie verhouding in die lewensiklusverbruiksfunksie stabiel wees solank as wat die verhouding van arbeidsinkome tot nasionale inkome redelik stabiel bly. Empiries is vasgestel dat hierdie verhouding oor tyd redelik konstant gebly het.

Inkomewisseling sal 'n geringe uitwerking op lopende verbruik of verwagte inkome oor 'n leeftyd hê, omdat verbruiksbesluite deur inkome oor 'n leeftyd beïnvloed word. Die GVG oor die lang termyn behoort betreklik konstant te wees, aangesien die totale GVG afhang van die ouderdomsamesetting van die gemeenskap, wat slegs geleidelik oor tyd verander.

Kritiek teen die lewensiklushipotese is dat 'n groot aantal mense in werklikheid nie hul verbruiksbesluite baseer op inkome oor hul leeftyd nie, maar dat hulle huidige inkome eerder gebruik as 'n aanduiding van hul vermoë om te verbruik. Veral jonger mense vind dit moeilik om verbruiksbesluite te baseer op inkome oor 'n leeftyd, omdat hulle dit moeilik mag vind om lenings te bekom. Daar kan verwag word dat die gaping tussen waargenome verbruik en gewensde verbruik groter is by jonger mense. Omdat inkome wat oor 'n leeftyd verdien

³ Ando, A. en Modigliani, F.: "The life-cycle hypothesis of saving: Aggregate implications and tests", *American Economic Review*, Volume 53, Maart 1963.

word nie vooraf meetbaar is nie en daarom geskat moet word op grond van gegewens oor huidige inkome, word dit as 'n ernstige tekortkoming van hierdie hipotese beskou.

Duesenberry se relatiewe-inkome-hipotese

Duesenberry baseer sy relatiewe-inkome-hipotese⁴ op twee begrippe, naamlik dat:

- verbruiksgedrag van huishoudings beïnvloed word deur die bestedingspatrone en bestedingsvlakke van ander gesinne; en
- verbruiksgedrag neig om gewoontevormend te wees (dit wil sê, sodra mense gewoond raak aan 'n sekere lewenstandaard, probeer hulle om daardie standaard te handhaaf ondanks 'n afname in inkome).

Die teorie wat op hierdie begrippe gegrond is, veronderstel dat verbruik afhanklik is van die huidige en die hoogste inkome wat die verbruiker in die verlede verdien het. Daar kan beweer word dat die Keynesiaanse verbruiksfunksie slegs op kort termyn bestendig is. Oor die lang termyn kan ander faktore wat verbruik beïnvloed verander en gevolglik die bestendige verwantskap tussen verbruik en inkome versteur.

Duesenberry is van mening dat verbruikers anders op 'n verhoging as op 'n verlaging in inkome sal reageer; huishoudings vind dit moeilik om hul lewenstandaard te verlaag en kan probleme ondervind om by 'n afname in inkome aan te pas. Indien die inkome van huishoudings die vorige hoogtepunt oorskry, sal verbruik proporsioneel by 'n hoër vlak van inkome aanpas. Hierteenoor sal verbruik meer geleidelik reageer op die verandering in inkome wanneer die inkome van huishoudings tot onder sy vorige hoogtepunt daal, en sal dit proporsioneel minder daal as die afname in inkome. Duesenberry aanvaar dat in 'n ekonomie wat uitbrei, die vorige hoogtepunt van inkome na elke konjunkturele herstel opwaarts aangepas sal word, maar dat dit nie afwaarts aangepas sal word nie – die sogenoemde sperrat-effek.

Daar word aanvaar dat persone in die laerinkome-groepe geneig is om die grootste deel van hul inkome te bestee in 'n poging om voor te gee dat hulle beter daaraan toe is as wat werkelik die geval is; dit sal hoë GVG's tot gevolg hê. Persone in die hoëinkome-groepe sal geneig wees om laer GVG's te hê; hulle sal waarskynlik 'n groot deel van hul inkome spaar en terselfdertyd 'n hoë lewenstandaard handhaaf. Duesenberry verwys hierna as die demonstrasie-effek.

Duesenberry se relatiewe-inkome-hipotese het nie dieselfde blywende uitwerking op die ontleding van verbruiksgedrag gehad as sommige van die ander teorieë nie. Dit kan deels daaraan toegeskryf word dat

dit slegs nie-proporsionele verbruik verklaar wanneer inkome laer as vorige hoogtepunte is en ook omdat totale inkome oor 'n lang tydperk gesien, selde laer as die vorige hoogtepunt van inkome is. Duesenberry se teorie toon egter dat ekonomiese gedrag asimmetries en onderling tussen verskillende tydperke afhanklik kan wees.


Mediumtermynneigings in private verbruiksbesteding in Suid-Afrika

Groeineigings

In die ontleding van groeineigings van die nasionale-rekeninge-gegewens, is dit belangrik om daarop te let dat verbruik soos dit in 'n ekonomiese sin gedefinieer word, verskil van verbruiksbesteding soos dit in die nasionale rekeninge voorkom. Verbruik het betrekking op die voordele wat verkry word uit die besteding aan goedere en dienste, terwyl verbruiksbesteding gedefinieer word as die werklike besteding aan goedere en dienste, ongeag of die goedere werklik in die betrokke tydperk verbruik word. Hierdie onderskeid is veral van belang in die geval van die aankope van duursame verbruiksgoedere waar verbruiksbesteding gemeet word in die tydperk waarin die goedere aangeskaf word, maar verbruik plaasvind oor die volle ekonomiese leeftyd van die betrokke goedere.

Totale reële private verbruiksbesteding, soos gemeet in die nasionale rekeninge, het sedert 1960 teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3,6 persent toegeneem. Gedurende hierdie redelike lang tydperk het die gemiddelde groeikoers in huishoudings se reële

Grafiek 1: Die groei in reële private verbruiksbesteding



⁴ Duesenberry, J.S.: *Income, saving and the theory of consumer behaviour*, Cambridge, MA.: Harvard University Press, 1949.

Tabel 1. Groeikoerse in die komponente van reële private verbruiksbesteding

Persent

	Duursame goedere	Semi-duursame goedere	Nie-duursame goedere	Dienste	Totaal
1961-1969.....	8,0	7,9	5,4	2,9	5,0
1970-1979.....	4,5	3,8	3,8	3,3	3,7
1980-1989.....	1,5	3,9	3,2	4,6	3,4
1990-1994.....	0,4	1,3	-0,3	2,0	0,7
1960-1994.....	3,9	4,5	3,4	3,6	3,6

uitgawes op verbruiksgoedere en -dienste egter merkbaar afgeneem van 'n gemiddeld van 5,0 persent in die sestigerjare tot 'n gemiddeld van minder as 1 persent in die vroeë negentigerjare.

Die veranderinge in die groeikoerse van die komponente van reële private verbruiksbesteding oor die afgelope paar dekades word in tabel 1 getoon. Met die uitsondering van besteding aan dienste, het die verlangsaming in die totale private verbruiksbesteding in al die komponente van verbruiksbesteding voorgekom. Besnoeiings in huishoudings se reële uitgawes op verbruiksgoedere het nie slegs plaasgevind op duursame goedere nie, wat normaalweg besteding van 'n meer diskresionêre aard weerspieël, maar ook op besteding van 'n meer noodsaaiklike aard. Die groei in reële besteding aan nie-duursame goedere was trouens in die tydperk van 1990 tot 1994 negatief.

Konjunkturele veranderinge



Die reële private verbruiksbesteding toon duidelik onderskeibare konjunkturbewegings. Grafiek 2 duï aan dat veranderinge in die reële verbruiksbesteding aan duursame en semi-duursame goedere baie gevoelig is vir konjunktuurveranderings, terwyl reële verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere en dienste geneig is om meer gelykmatig te verander. Soos Duesenberry benadruk het, sal mense sodra hulle gewoond is aan 'n sekere lewenstandaard probeer om verbruiksvlakke te handhaaf ondanks wisselinge in hul inkome. Besnoeiings aan private verbruiksbesteding sal gedurende resessie-tydperke eerder op diskresionêre items, soos duursame en semi-duursame goedere, voorkom.

Die gemiddelde verbruiksgeneigdheid

Die Suid-Afrikaanse ekonomiese word gekenmerk deur 'n skerp stygende neiging in die gemiddelde verbruiksgeneigdheid van huishoudings (nominale private verbruiksbesteding relatief tot nominale persoonlike beskikbare inkome). Die gemiddelde verbruiksgeneigdheid is vanselfsprekend nie vir alle huishoudings dieselfde nie en kan vir enige bepaalde huishouing oor tyd verander. Die waarde van die gemiddelde verbruiksgeneigdheid van 'n individuele huishouing is


onder andere afhanglik van die gemiddelde ouderdom en samestelling van die huishouing, wisseling van inkome rondom die gemiddelde en die beskikbaarheid en koste van krediet. Alhoewel dit meesal aanvaar word dat die gemiddelde verbruiksgeneigdheid oor lang tydperke konstant bly, toon die werklike berekende waardes dikwels korttermyn konjunkturele en ander veranderings. Gedurende kleiner resessies neem verbruik heelwat minder as die inkome van huishoudings af en kan dit soms selfs styg wanneer

Grafiek 2: Reële private verbruiksbesteding



1961 64 66 68 70 72 74 76 78 80 82 84 86 88 90 92 94

Grafiek 3: Gemiddelde verbruiksgeneigdheid



inkome afneem.

Die gemiddelde verbruiksgeneigdheid het 'n matige styging getoon van 90 persent in die sestigerjare tot 91 persent in die sewentigerjare. Daarna het dit skerp toegeneem tot 95,5 persent in die tagtigerjare en 97 persent in die vroeë negentigerjare. Grafiek 3 toon duidelik dat die veranderinge in die gemiddelde verbruiksgeneigdheid nie as 'n tydelike of konjunkturele gebeurtenis beskou kan word nie, maar dat dit struktureel gestyg het.

Hierdie voortgesette styging in die verbruiksgeneigdheid kan toegeskryf word aan die volgende faktore:

- die voortdurende hoë inflasiekoers in die sewentiger- en tagtigerjare wat huishoudings aangemoedig het om duursame en semi-duursame goedere te koop in afwagting van toekomstige prysstygings;
- die herverdeling van inkome na bevolkingsgroepes met 'n hoër verbruiksgeneigdheid en 'n laer geneigdheid om te spaar;
- die poging van huishoudings om hul lewenstandaarde te handhaaf terwyl reële inkome per capita bly afneem;
- die betreklik maklike beskikbaarheid van verbruikerskrediet gedurende die grootste deel van die sewentiger- en tagtigerjare; en
- die snelgroeende bevolking en die toenemende verhouding van jonger mense.


Samestelling van private verbruiksbesteding

Die proporsionele besteding deur huishoudings aan nie-duursame goedere en dienste het sedert die vroeë tagtigerjare skerp toegeneem. Die verhouding van hierdie tipe besteding tot die totale reële private verbruiksbesteding het geleidelik toegeneem van ongeveer 70 persent in die sewentigerjare tot 72 persent in die tagtigerjare en verder tot 73,5 persent in die vroeë negentigerjare. Die verandering in die proporsionele besteding deur huishoudings word in grafiek 4⁵ voorgestel.

Die dalende verhouding van verbruiksbesteding aan

⁵ "Duursaam" verwys na verbruiksbesteding aan duursame en semi-duursame goedere, terwyl "nie-duursaam" verwys na verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere en dienste.

Grafiek 4: Proporsionele verbruiksbesteding



duursame goedere oor die afgelope tyd toon moontlik aan dat besteding plaasgevind het in 'n tydvak waarin die inkome van huishoudings stadig toegeneem en soms selfs gedaal het.

Verskeie faktore was waarskynlik vir die verskuiwing in die verbruiksbestedingspatrone verantwoordelik. Dit sluit onder andere in:

- die herverdeling van inkome ten gunste van huishoudings met 'n lae inkome en wat 'n groter deel van hul inkome aan noodsaklike goedere en dienste bestee;
- die betreklik hoë vlakke van rentekoerse, wat saam met stygende vlakke van uitstaande verbruikerskrediet, verbruikers minder bereidwillig gemaak het om krediet vir die aankoop van duursame goedere aan te gaan;
- die afnemende inkome per capita;
- toenemende werkloosheid en die gebrek aan werksekerheid; en
- die skerp toename in die gemiddelde persoonlike belastingkoerse wat huishoudings se beskikbare inkome verminder.

Verklarende veranderlikes van die verbruksfunksie


Die teoretiese oorsig in afdeling 2 verskaf 'n aantal moontlike verklarende veranderlikes wat sinvol ondersoek kan word in die bepaling van 'n vergelyking wat verbruikersgedrag beskryf. Die verloop van huishoudings se inkome oor die afgelope meer as drie dekades, tesame met veranderinge in ander verklarende veranderlikes wat moontlik in die verbruksfunksie gebruik kan word, word kortliks in hierdie afdeling bespreek.

Lopende inkome van huishoudings

Soos deur Friedman aangedui is kan huishoudings se inkome onderverdeel word in 'n permanente komponent en 'n tydelike komponent wat meer vryelik wissel. In die nasionale rekeninge kan vergoeding van werknemers beskou word as 'n meer standhoudende bron van inkome, terwyl die inkome uit eiendom van huishoudings meer die eienskappe van tydelike inkome weerspieël. Grafiek 5 toon dat reële inkome van huishoudings onbestendiger en meer wisselvallig is as die reële vergoeding van werknemers.⁶ Die onbestendigheid van inkome wat uit landboubedrywigheid verdien word, is moontlik die grootste enkele rede vir die wisselvalligheid van die inkome uit eiendom van huishoudings.

Tabel 2 toon dat die gemiddelde jaarlikse persen-

Grafiek 5: Reële vergoeding van werknemers en reële inkome uit eiendom



tasieverandering in die reële inkome van huishoudings sedert die sestigerjare aansienlik verlangsaam het. Hierdie neiging is hoofsaaklik die gevolg van veranderinge in die vergoeding van werknemers – die grootste deel van huishoudings se lopende inkome. Dit is opmerklik dat die gemiddelde jaarlikse persentasieverandering in die inkome uit eiendom nie in dieselfde mate afgeneem het as die groei in die reële vergoeding van werknemers nie.

Tabel 3 dui aan dat die bydrae van die inkome uit eiendom tot lopende inkome van 'n jaarlikse gemiddelde van 24,4 persent in die sestigerjare tot 15,1 persent in die tagtigerjare afgeneem het. Hierdie verhouding het weer tot 18,9 persent in die eerste helfte van die negentigerjare toegeneem toe groei in die vergoeding van werknemers

Tabel 2. Groeikoerse in die komponente van reële lopende inkome

Persent per jaar

	Vergoeding van werknemers	Inkome uit eiendom	Lopende inkome
1961-1969	6,3	3,3	5,5
1970-1979	4,5	5,0	4,2
1980-1989	3,2	5,1	3,1
1990-1994	0,3	4,0	1,1
1960-1994	4,0	4,4	3,8

⁶ Nominale inkome uit eiendom van huishoudings en vergoeding van werknemers word gedefleer met die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding.

Tabel 3. Samestelling van lopende inkome

Percent


	Vergoeding van werk- nemers	Inkome uit eiendom	Oor- dragte	Totaal
1960-1969	71,4	24,4	4,2	100,0
1970-1979	75,8	19,8	4,4	100,0
1980-1989	80,4	15,1	4,5	100,0
1990-1994	75,5	18,9	5,6	100,0
1960-1994	75,9	19,5	4,6	100,0

verlangsaam het.


Grafiek 6 bevestig dat die veranderinge in die reële private verbruiksbesteding 'n nouer samehang met die veranderinge in die vergoeding van werknemers het as met die veranderinge in die inkome uit die eiendom van huishoudings. Die verlangsaming in die reële private verbruiksbesteding toon 'n noue verwantskap met die lae en negatiewe groeikoerse van arbeidsinkome in die vroeë negentigerjare.

Die groeikoerse in die reële persoonlike beskikbare inkome het merkbaar verlangsaam van 'n jaarlikse gemiddelde van bykans 5 persent in die sestigerjare tot minder as 1 persent in die vroeë negentigerjare. Grafiek 7 toon verder dat persoonlike beskikbare inkome

Grafiek 6: Reële verbruiksbesteding en vergoeding van werknemers



Grafiek 7: Reële persoonlike beskikbare inkome



saam met die veranderinge in die konjunkturgolf wissel, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die konjunkturele veranderinge in die inkome uit eiendom van huishoudings. Die aandeel van lone in persoonlike beskikbare inkome het normaalweg gedurende resessies gestyg en gedurende tydperke van sterk ekonomiese bedrywigheid gedaal. Hierdie ontwikkeling verleen bestendigheid aan die konjunkturgolf.


Aandeel van arbeid in inkome

Die afname in die groeikoers van reële persoonlike beskikbare inkome in die negentigerjare is deels teengewerk deur 'n toename in die aandeel van arbeid in die nominale faktorinkome. Die gemiddelde aandeel van arbeid in die nominale faktorinkome het in die negentigerjare toegeneem tot 60 persent nadat dit gedurende die afgelope dertig jaar 'n gemiddelde vlak van 57 persent gehandhaaf het. Die toename in die aandeel van arbeidsvergoeding in die totale inkome, het die reële verbruiksbesteding in die vroeë fases van 'n uitgerekte konjunkturele afwaartse beweging van 1989 tot 1993, op 'n hoër vlak gehou as wat dit andersins sou gewees het.

Direkte belasting op huishoudings


Soos in grafiek 9 voorgestel word, het die verhouding van direkte belasting tot die lopende inkome van huishoudings sedert die vroeë sestigerjare merkbaar gestyg. Die gemiddelde verhouding was in die sestigerjare net 6 persent per jaar, maar dit het tot ongeveer 10,5 persent in die tagtigerjare en verder tot 14

Grafiek 8: Die aandeel van arbeid in nominale faktorinkome



percent in 1994 toegeneem. Hierdie skerp toename in die direkte belastingglas van individue het die beskikbare inkome van huishoudings en gevoglik ook die private verbruiksbesteding verminder.

Grafiek 9: Direkte belasting as 'n persentasie van lopende inkome




Verbruikerskrediet

Nadat verbruikerskrediet in die vroeë tagtigerjare skerp gestyg het, het dit gedurende 1985 en 1986 afgeneem aangesien kredietverlening beïnvloed is deur die toepassing van streng monetêre beleidsmaatreëls. Die gebruik van krediet deur huishoudings het in 1987 weer begin versnel en teen 1991 het dit tot die hoë vlakke van die middel-tagtigerjare teruggekeer. Sedertdien het die groei in verbruikerskrediet afgeneem en skynbaar op 'n laer vlak gestabiliseer. Die stadiger groei in verbruikerskrediet gedurende die jongste jare kan toegeskryf word aan die reeds hoë skuldas van individue, die betreklik hoë rentekoerse en groter werksonsekerheid. Grafiek 10 dien as stawing van die bestendige verhouding tussen veranderinge in uitstaande verbruikerskrediet en veranderinge in reële private verbruiksbesteding aan duursame goedere. Die stadiger groei in lenings deur huishoudings in die vroeë negentigerjare word weerspieël in die afname in duursame verbruiksbesteding.


Rentekoerse

Rentekoerse duif op die voorkeur tussen huidige en toekomstige verbruik. 'n Styging in die opbrengskoers op opgehoede besparing verhoog die geleenthedskoste wat met huidige verbruik verband hou en behoort die besparingskoers te verhoog – die substitusie-effek. Aan die ander kant kan die toekomstige verwagte inkomesstroom wat as gevolg van die hoër opbrengskoers op besparing verwag word, huidige verbruik aanmoedig – die inkome-effek. Dit is gevoglik nie maklik om die netto


Grafiek 10: Uitstaande verbruikerskrediet en reële private verbruiksbesteding aan duursame goedere



Grafiek 11: Persentasieverandering in reële private verbruiksbesteding aan duursame goedere en veranderinge in die reële rentekoers



Grafiek 12: Reële investering in private woongeboue en reële verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere



uitwerking van 'n verandering in rentekoerse te bepaal nie. Grafiek 11 toon nietemin 'n redelike sterke gesloerde omgekeerde verwantskap tussen veranderinge in die reële rentekoers⁷ en veranderinge in reële private verbruiksbesteding aan duursame goedere. Dit dui moontlik daarop dat die substitusie-effek van veranderinge in die koste van krediet die inkome-effek van veranderinge in rentekoerse oorheers.

Investering in private woongeboue

Grafiek 12 toon dat veranderinge in die reële investering in private woongeboue goed gekorreleer is met veranderinge in reële verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere. Huishoudings se reële besteding aan semi-duursame verbruikersgoedere sluit in die besteding aan huishoudelike toerusting, soos tekstiele, toebehore en glasware wat gewoonlik met die konstruksie van nuwe private woongeboue verband hou.

Statistiese skatting van vergelykings van private verbruiksbesteding

Die empiriese resultate van die geskatte vergelykings word in hierdie afdeling beskryf. Al die ekonometriese berekeninge is met behulp van kwartaallikse seisoens-

aangesuiwerde gegewens uitgevoer. T-waardes van die geskatte koëffisiënte, sowel as die volgende opsomende gegewens, word verstrek:

R^2 = aangepaste bepaaldheidskoëffisiënt; en

D-W = Durbin-Watson d-statistiek.

Die skattingstydperk word onderaan die opsomende gegewens vir elke vergelyking getoon.

Die vergelykings is in logaritmes gespesifiseer sodat die geskatte parameters 'n weerspieëling van die elastisiteite is. In die geval waar negatiewe waardes gedurende die skattingstydperk in die verklarende veranderlike voorkom, kan die omskakeling na logaritmes nie uitgevoer word nie. In die tydreekse van reële rentekoerse kom daar wel negatiewe waardes voor en derhalwe kon die vergelyking vir duursame verbruiksbesteding, wat hierdie veranderlike insluit, nie in logaritmes geskat word nie. Al die veranderlikes wat in die skatting van die vergelykings gebruik word, is in konstante 1990-pryse gemeet.

Die vergelykings is geskat met behulp van koïntegrasie-tegnieke wat bestaan uit die twee-stap Engle-Granger-prosedure⁸. Die eerste stap behels die skatting van 'n langtermynvergelyking, wat met

⁷ Die reële rentekoers is bereken deur die heersende verbruikersprysinflasiekoers (soos aangedui deur veranderinge in die afgeleide prysdeflator vir private verbruiksbesteding) af te trek van die nominale uitleenkoers op prima-oortrekkings van banke.

⁸ Engle, R.F. en Granger, C.W.J.: "Cointegration and error correction: Representation, estimation, and testing", *Econometrica*, Volume 55, 1987.

toepaslike ekonomiese teorie ondersteun word. Die orde van integrasie van die betrokke veranderlikes wat in die vergelyking ingesluit word, is daarna bepaal. In die praktyk is min makro-ekonomiese tydreekse stasionêr, maar die meeste is egter stasionêr in eerste of tweede verskille. Die Dickey-Fuller (DF) en aangepaste Dickey-Fuller (ADF) toetsstatistieke is gebruik om stasionariteit te bepaal. Die orde van integrasie van die residue van die langtermynvergelykings van al vier kategorieë van private verbruiksbesteding is met behulp van die Phillips Z_t toets bepaal.

Die tweede stap in die skattingsproses behels die skatting van 'n korttermynvergelyking (foute-aanpassingsmodel). In baie gevalle is dieselfde veranderlikes wat in die langtermynvergelyking gebruik is, ook as verklarende veranderlikes in die foute-aanpassingsmodel (ECM) gebruik. Addisionele fop- en ander veranderlikes wat bewegings op kort termyn verklaar, is egter ook ingesluit, op voorwaarde dat hulle stasionêr sou wees. Die ECM-vergelykings is geskat in verskille oor vier kwartale in die veranderlikes en die bepaaldheidskoëffisiënte \bar{R}^2 was kleiner as in die geval van die langtermynvergelykings as gevolg van die groot wisselinge in hierdie tydreekse.

Die volgende algemene notasie word gebruik in die spesifikasie van die vergelykings:

- Δ = die persentasieverandering oor vier kwartale in 'n veranderlike;
- L = die onderskrif wat die langtermynvergelyking aandui;
- S = die onderskrif wat die korttermynvergelyking aandui; en
- \ln = die natuurlike logaritme van 'n veranderlike.

Private verbruiksbesteding aan duursame goedere (CD)

Die volgende verklarende veranderlikes is in die vergelyking vir private verbruiksbesteding aan duursame goedere ingesluit:

- die reële rentekoers, gedefinieer as die prima uitleenkoers minus die inflasiekoers (RI);
- 'n fopveranderlike vir die instelling van algemene verkoopbelasting in 1987 en die verhoging in die verkoopbelastingkoers van 7 tot 10 persent in 1984 (GSTD)⁹; en
- reële vergoeding van werknemers na aftrekking van

⁹ Om voorsiening te maak vir die uitwerking van vervroegde aankope is 'n waarde van 1 toegeken aan die veranderlike in die kwartaal voordat die verandering in die belastingkoers in werking tree. 'n Waarde van -1 word toegeken aan die veranderlike in die kwartaal waarin die verandering in werking tree. Daar word verwag dat die algebraïese teken van hierdie veranderlike positief sal wees.

belasting en oordragte wat vanaf die algemene regering ontvang is, as 'n maatstaf van permanente inkome (YP).

Verskeie maatstawwe van rykdom, soos likwiedebates, persoonlike besparings en die kapitaalvoorraad van private woongeboue, is gebruik in die spesifikasie van die funksie vir private verbruiksbesteding aan duursame goedere. Geen en van hierdie veranderlikes was egter statisties betekenisvol nie.

Langtermynvergelyking

$$CD_L = B_1 \cdot YP + B_2 \cdot RI + B_3 \cdot CD(-1) + B_4 \cdot GSTD$$

KOËFFISIËNT	GESKATTE WAARDE	T-STATISTIEK
B1	0,026	4,23
B2	-22,895	4,21
B3	0,891	23,35
B4	827,938	8,87

$$\bar{R}^2 = 0,913$$

$$D-W = 1,76$$

Skattingstydperk = 70:kw1 - 94:kw4

Phillips Z_t statistiek = -7,60

[Kritieke waarde = -4,67 (1% vlak)]

Korttermynvergelyking

Die afhanglike veranderlike in die korttermynvergelyking is die verandering oor vier kwartale in private verbruiksbesteding aan duursame goedere (ΔCD). Al die verklarende veranderlikes in die vergelyking verteenwoordig die veranderings oor vier kwartale in die betrokke veranderlikes. Reële inkome uit eiendom van huishoudings na belasting, wat as 'n maatstaf van tydelike inkome dien, is ook as 'n verklarende veranderlike by die veranderlikes in die langtermynvergelyking ingesluit.

$$\begin{aligned} \Delta CD_S = & B_1 \cdot \Delta YP + B_2 \cdot \Delta YT + B_3 \cdot \Delta RI + B_4 \cdot \Delta CD(-1) \\ & + B_5 \cdot GSTD + B_6 \cdot [CD_L - CD(-4)] \end{aligned}$$

KOËFFISIËNT	GESKATTE WAARDE	T-STATISTIEK
B1	0,096	3,25
B2	0,033	1,72
B3	-21,727	2,52
B4	0,754	11,17
B5	833,951	6,11
B6	0,904	5,61


$$\bar{R}^2 = 0,72$$

$$D-W = 2,16$$

Skattingstydperk = 71:kw1 - 94:kw4

Die werklike en geskatte waardes van die vergelyking vir verbruiksbesteding aan duursame goedere word in grafiek 13 voorgestel.

Grafiek 13: Werklike en geskatte waardes van verbruiksbesteding aan duursame goedere



B3	-0,016	3,91
B4	-0,042	2,57
B5	0,867	28,86

$$\bar{R}^2 = 0,988$$

$$D-W = 1,59$$

$$\text{Skattingstydperk} = 75:\text{kw1} - 94:\text{kw4}$$

$$\text{Phillips } Z_t \text{ statistiek} = -7,22$$

[Kritieke waarde = -4,99 (1% vlak)]

Korttermynvergelyking

Die afhanglike veranderlike in die korttermynvergelyking is die verandering oor vier kwartale in private verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere (ΔCS). Al die verklarende veranderlikes in die vergelyking is in berekening gebring as die verandering oor vier kwartale in die veranderlikes. Reële vaste investering in die woongeboue van die private sektor (IPB) is bykomend tot die veranderlikes in die langtermynvergelyking as verklarende veranderlike gebruik.

$$\begin{aligned}\Delta \ln(CS_S) = & B1 * \Delta \ln(YP) + B2 * [(\Delta \ln(YT) + \Delta \ln(YT(-1)))/2] \\ & + B3 * \Delta \ln(RID) + B4 * [(\Delta \ln(IPB) \\ & + \Delta \ln(IPB(-1)))/2] + B5 * \Delta \ln(CS(-1)) \\ & + B6 * [\ln(CS_L) - \ln(CS(-4))] + B7 * DGST\end{aligned}$$

KOËFFISIËNT	GESKATTE WAARDE	T-STATISTIEK
B1	0,101	2,10
B2	0,013	1,94
B3	-0,013	1,71
B4	0,038	2,59
B5	0,896	21,36
B6	1,102	8,65
B7	0,038	5,05

$$\begin{aligned}\bar{R}^2 &= 0,92 \\ D-W &= 2,18 \\ \text{Skattingstydperk} &= 76:\text{kw1} - 94:\text{kw4}\end{aligned}$$

Die werklike en geskatte waardes van die vergelyking vir verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere word in grafiek 14 voorgestel.

Private verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere (CN)

Die volgende verklarende veranderlikes is in die vergelyking vir private verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere ingesluit:

- reële persoonlike beskikbare inkome (YD); en
- totale werkverskaffing in die sektore buite die landbou (EMP). Werkverskaffing in die formele sektor is as 'n verklarende veranderlike in die funksie ingesluit, omdat aanvaar word dat die groei in reële inkome wat

Private verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere (CS)

Die volgende verklarende veranderlikes is in die vergelyking vir private verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere ingesluit:


- reële vergoeding van werknemers na belasting en oordragontvangste van die algemene owerheid, as 'n maatstaf van permanente inkome (YP);
- reële inkome uit eiendom van huishoudings na belasting, as 'n maatstaf van tydelike inkome (ΔYT);
- die reële rentekoers, gedefinieer as die prima uitleenkoers gedefleer met die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding (RID); en
- 'n fopveranderlike: $1984\text{kw3} = 1$ (D843) wat die verhoging in algemene verkoopbelasting op 1 Julie 1984 van 7 tot 10 persent verteenwoordig.

Langtermynvergelyking

$$\begin{aligned}\ln(CS_L) = & B1 * \ln(YP) + B2 * [\ln(YT) + \ln(YT(-1)) \\ & + \ln(YT(-2))]/3 + B3 * \ln(RID) + B4 * D843 \\ & + B5 * \ln(CS(-1))\end{aligned}$$

KOËFFISIËNT	GESKATTE WAARDE	T-STATISTIEK
B1	0,105	4,01
B2	0,016	1,89

Grafiek 14: Werklike en geskatte waardes van verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere



$$\Delta \ln(CN_S) = B_1 * \Delta \ln(YD) + B_2 * \Delta \ln(EMP) + B_3 * \Delta \ln(INFL) \\ + B_4 * DGST + B_5 * \Delta \ln(CN(-1)) \\ + B_6 * [\ln(CN_L) - \ln(CN(-4))]$$

KOËFFISIËNT	GESKATTE WAARDE	T-STATISTIEK
B1	0,078	2,96
B2	0,347	3,98
B3	-0,020	2,74
B4	0,023	4,00
B5	0,752	13,06
B6	0,794	7,33

$$R^2 = 0,833$$

$$D-W = 2,22$$

Skattingstydperk = 76:kw1 - 94:kw4

Die werklike en geskatte waardes van die vergelyking vir verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere word in grafiek 15 voorgestel.

Private verbruiksbesteding aan dienste (CV)

Die volgende verklarende veranderlikes is ingesluit in die vergelyking vir private verbruiksbesteding aan dienste:

- reële persoonlike beskikbare inkome (YD);
- die reële rentekoers, gedefinieer as die reële uitleenkoers gedefleer met die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding (RID); en

gepaardgaan met groei in werkverskaffing 'n ander uitwerking op nie-duursame verbruiksbesteding sal hê as wat die geval is wanneer die groei in reële inkome voortspruit uit 'n toename in inkome per capita van diogene wat in die formele sektor in diens geneem is.

Langtermynvergelyking

$$\ln(CN_L) = B_1 * \ln(YD) + B_2 * \ln(EMP) + B_3 * \ln(CN(-1))$$

KOËFFISIËNT	GESKATTE WAARDE	T-STATISTIEK
B1	0,130	3,39
B2	0,106	2,24
B3	0,841	17,82

$$R^2 = 0,991$$

$$D-W = 2,13$$

Skattingstydperk = 75:kw1 - 94:kw4


Phillips Z_t statistiek = -9,73

[Kritieke waarde = -4,30 (1% vlak)]

Korttermynvergelyking

Die afhanglike veranderlike in die korttermynvergelyking is die verandering oor vier kwartale in private verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere (ΔCN). Al die verklarende veranderlikes in die vergelyking is in berekening gebring as die verandering oor vier kwartale in die betrokke veranderlikes. Die inflasiekoers (INFL) is bykomend tot die veranderlikes in die langtermynvergelyking as verklarende veranderlike gebruik om die uitwerking van dalende reële inkome as gevolg van stygende pryse te beklemtoon.

Grafiek 15: Werklike en geskatte waardes van verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere



- reële vaste investering in woongeboue in die private sektor (IPB).

Langtermynvergelyking

$$\ln(CV_t) = B_1 \cdot \ln(YD) + B_2 \cdot \ln(RID) + B_3 \cdot \ln(IPB) + B_4 \cdot \ln(CV(-1))$$

KOëFFISIËNT	GESKATTE WAARDE	T-STATISTIEK
B1	0,107	3,38
B2	-0,020	3,09
B3	0,036	2,87
B4	0,857	21,33

$$R^2 = 0,994$$

$$D-W = 2,50$$

Skattingstydperk = 75:kw1 - 94:kw4

Phillips Z_t statistiek = -11,68

[Kritieke waarde = -4,67 (1% vlak)]

Korttermynvergelyking

Die afhanglike veranderlike in die korttermynvergelyking is die verandering oor vier kwartale in private verbruiksbesteding aan dienste (ΔCV). Al die verklarende veranderlikes in die vergelyking is in berekening gebring as die verandering oor vier kwartale in die betrokke veranderlikes. Reële persoonlike beskikbare inkome is in die skatting van die korttermynvergelyking vervang deur reële vergoeding van werknemers na aftrekking van belasting.

$$\Delta \ln(CV_t) = B_1 \cdot \Delta \ln(YP) + B_2 \cdot \Delta \ln(RID) + B_3 \cdot \Delta \ln(IPB) + B_4 \cdot \Delta \ln(CV(-1)) + B_5 \cdot [\ln(CV_t) - \ln(CV(-4))]$$

KOËFFISIËNT	GESKATTE WAARDE	T-STATISTIEK
B1	0,107	2,23
B2	-0,027	3,71
B3	0,050	3,48
B4	0,812	16,87
B5	0,821	7,62

$$R^2 = 0,794$$

$$D-W = 2,46$$


Skattingstydperk = 76:q1 - 94:q4

Die werklike en geskatte waardes van die vergelyking vir verbruiksbesteding aan dienste word in grafiek 16 voorgestel.

Rentekoersgevoeligheid van private verbruiksbesteding

Sommige van die geskatte bestedingsfunksies bevat 'n maatstaf van reële rentekoerse as verklarende veranderlike. Om die gevoeligheid van totale verbruiksbesteding as gevolg van veranderinge in die reële rentekoers te bepaal, is 'n simulasië-oefening oor 'n aantal tydperke

Grafiek 16: Werklike en geskatte waardes van verbruiksbesteding aan dienste



uitgevoer met behulp van die volledige stel van private verbruiksbestedingvergelykings.

In die standaardsimulasie is aanvaar dat rentekoerse onveranderd op hul historiese vlakke gehandhaaf word. In die alternatiewe simulasie is aanvaar dat rentekoerse vir 'n volle jaar met een persentasiepunt sal toeneem. 'n Vergelyking van die resultate van die twee simulasies toon dat 'n daling van R500 miljoen (teen heersende pryse) in private verbruiksbesteding, of 'n daling van 0,2 persent, met 'n toename van een persentasiepunt in rentekoerse verwag kan word. Dit moet egter beklemtoon word dat hierdie reaksie slegs die regstreekse uitwerking van 'n verandering in rentekoerse aandui en dat die onregstreekse uitwerking as gevolg van veranderinge in ander veranderlikes, soos kapitaalvorming en inkome uit eiendom, nie in berekening gebring is nie.

Samevattende opmerkings

Hoewel die absolute-inkome-hipotese wat deur Keynes voorgestaan is as 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van die omvattende verbruiksfunksie beskou kan word, is dit in 'n sekere mate deur empiriese ontledings weerlê. Verskeie ander teorieë is derhalwe aangebied om 'n beter insig in die verklaring van verbruikersgedrag te verkry. Hedendaagse verbruiksteorieë en empiriese ontledings is gewoonlik 'n samevoeging van die lewensiklus- en permanente-inkome teorieë. Die hoofkenmerke van hierdie teorieë is dat verbruiksbesteding neig om minder onderhewig aan veranderinge te wees as wat die geval met inkome is en ook dat beleidsveranderinge as standhourend beskou moet word.

alvorens verwag kan word dat dit enige blywende uitwerking op verbruikersgedrag sal hê.

Private verbruiksbestedingsfunksies in die makro-ekonomiese model van die Reserwebank word oorwegend op die permanente-inkome-hipotese gebaseer. Al die vergelykings bevat 'n permanente-inkome-komponent wat gewoonlik verteenwoordig word deur 'n geweegde gemiddelde van die historiese inkome van werknemers, en 'n meer wisselvallige tydelike komponent wat verteenwoordig word deur die inkome uit eiendom van huishoudings.

Verbruiksbesteding is die bestendigste en die grootste komponent van binnelandse besteding en dien as 'n stabiliserende krag in die ekonomie. Groot omsigtigheid behoort aan die dag gelê te word by die formulering en skatting van modelle van private verbruiksbesteding. Sydige of foutiewe skattings kan drasties uiteenlopende resultate tot gevolg hê wanneer hierdie funksies vir vooruitskattings en beleidsimulasies gebruik word.

Dinamiese enkelvergelykingsimulasies oor verskeie tydperke met behulp van die geskatte verbruiksbestedingsvergelykings toon dat reële verbruiksbesteding se regstreekse gevoeligheid op 'n verandering in die reële rentekoers taamlik gering is.

Verwysings

- Brooks, R. en Gibbs, D.: *A model of the New Zealand economy*, Butterworth-Heinemann Limited, 1994.
- Brown, W.S.: *Macroeconomics*, Prentice Hall, 1988.
- Charemza, W.W. en Deadman, D.F.: *New directions in Econometric Practice*, Edward Elgar Publishing Limited, 1992.
- Dernburg, T.F.: *Macroeconomics: Concepts, Theories, and Policies*, McGraw-Hill International Student Edition, 1985.
- Evans, M.K.: *Macroeconomic Activity: Theory, Forecasting, and Control*, Harper International Edition, 1969.
- Phillips, P.C.B. en Perron, P.: Testing for a unit root in time series regression., *Biometrika*, 1988.
- Smit, B.M. en Pellissier, G.M.: *Modelling output and employment in South Africa*. Discussion Paper, Universiteit van Stellenbosch, 1994.
- Wachtel, P.: *Macro Economics: From Theory to Practice*, McGraw-Hill International Editions, 1989.
- Wykoff, F.C.: *Macro Economics: Theory, Evidence and Policy*, Prentice Hall, 1981.

Notas tot tabelle

Statistiek ten opsigte van geld- en bankwese – tabelle S-2 tot S-24

Statistiek oor die geld- en bankwese van Suid-Afrika vir die tydperk van Januarie 1973 tot Desember 1992 is in 'n bylae tot die *Kwartaalblad* van die Suid-Afrikaanse Reserwebank vir September 1993 gepubliseer. Vergelykbare statistiek is saamgestel en is nou beskikbaar vir die tydperk van Maart 1965 (dit wil sê, vanaf die instelling van die Bankwet, 1965) tot Desember 1972. Hierdie statistiek is op magnetiese band beskikbaar en kan van die Departement Ekonomiese van die Reserwebank bestel word.

Buitelandse skuld van Suid-Afrika – tabel S-86

Suid-Afrika se buitelandse skuld wat in rand betitel is (dit wil sê die skuld wat voorheen onderhewig was aan die finansiëlerandstelsel en ander skuld wat in rand betitel is), is nou ingesluit as deel van die uitstaande buitelandse skuld van die land. Die statistiek ten opsigte van buitelandse skuld en die gepaardgaande skuldverhoudings is dienooreenkomsdig in tabel S-86 hersien.

Wisselkoerse – tabel S-90

Met ingang van 1 April 1995 word die gemiddelde geweegde wisselkoers van die rand slegs teenoor vier geldeenhede bereken. Die geldeenhede en gewigte wat gebruik word, is soos volg: VSA-dollar (51,7 persent), Britse pond (20,2 persent), Duitse mark (17,2 persent) en Japanse yen (10,9 persent).